In die lig van die voortgesette versnelling in die groei van die geldvoorraad en binnelandse kredietverlening, die gevaar van stygende prysinflasie, die opwaartse beweging in markverwante rentekoerse en gebeure op die betalingsbalans, het die owerhede besluit om 'n meer beperkende monetêre beleidsingesteldheid te aanvaar (sien die volledige monetêre beleidsverklaring wat in hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer is). Die President van die Reserwebank het gevvolglik op 20 Februarie 1995 die volgende veranderings in monetêre beleid aangekondig:

- 'n Verhoging in die Bankkoers van 13 tot 14 persent op 21 Februarie 1995, dit wil sê die koers waarteen die Reserwebank akkommodasie aan die banke verskaf met skatkiswissels, staatseffekte, wissels van die Reserwebank en Landbankwissels met 'n uitstaande looptyd van minder as 92 dae as onderpand. Terselfdertyd is die koers op oornaglenings wat teen onderpand van dieselfde finansiële bates met uitstaande

looptye van 92 dae en langer maar minder as 3 jaar verleen word, van 14 tot 15% persent per jaar verhoog.

- Riglynperke vir die aanvaarbare groei in die M3-geldvoorraad vanaf die vierde kwartaal van 1994 tot die vierde kwartaal van 1995 is op 6 tot 10 persent vasgestel, vergeleke met die 6 tot 9 persent gedurende die voorafgaande jaar. Die hoë boonste perk neem die moontlikheid van hoë reële groei in die bruto binnelandse produk in 1995 in ag, terwyl die onveranderde onderste grens van 6 persent die Reserwebank se voorname weerspieël om inflasie te bekamp.
- 'n Toename in die basiese minimum kontantreservereiste van 1 persent tot 2 persent van die banke se totale laste (minus kapitaal en reserwes) vanaf 21 Maart 1995. Die bykomende reserwevereiste van 1 persent van korttermynverpligtings waarop rente betaal word, is behou.
- Kwantitatiewe riglyne vir die banke ten opsigte van die maksimum bedrag aan krediet wat in 1995 aan die private sektor verleen behoort te word ten einde uitvoering aan die beleidsoogmerke van die owerhede te gee. Hierdie riglyne is nie verpligtend nie, maar maak staat op die samewerking van die banke om die inflasiekoers te bedwing.

In die finansiële markte het die private sektor se vraag na fondse in die primêre kapitaalmarkte in 1994 afgeneem, wat 'n aanduiding is van die sterk finansiële posisie van sakeondernemings en die feit dat sommige maatskappye kapitaal deur middel van omskepbare Euro-effekte opgeneem het. In vergelyking met die voorafgaande jaar het die netto lenings van die openbare sektor in die primêre effektemark in die kalenderjaar 1994 ook opmerklik teruggesak as gevolg van die beleid wat deur die regering gevvolg is om die financiering van die skatkistekort meer eweredig oor die jaar te versprei.

Geldmarktoestande het in 1994 betreklik stram gebly, terwyl die lewendige toestande in die sekondêre effekte- en aandelemark in die vierde kwartaal van 1994 en die eerste maand van 1995 begin het om af te plat. Nadat 'n nuwe hoogtepunt in November 1994 bereik is, wat 93 persent bo die onderste draaipunt in Oktober 1992 was, het aandelepryse begin daal. Die omset in die afgeleide markte, verbandmark en vaste eiendomsmark het egter dwarsdeur 1994 toegeneem.

Op die gebied van die openbare finansies lyk dit uit die inligting vir die eerste tien maande van die fiskale jaar 1994/95 redelik seker dat die regering suksesvol sal wees in die bereiking van sy doelwit om die skatkistekort voor lenings en skuldaflossings in verhouding tot die bruto binnelandse produk te verminder. Die koerse van toename van jaar tot jaar in sowel skatkisuitreikings as -ontvangste was gedurende hierdie tydperk egter aansienlik hoër as die koerse van toename wat in die Begroting vir die fiskale jaar in die geheel voorsien is. Die

verdere skerp styging in staatskuld in verhouding tot die bruto binnelandse produk in 1994, is nietemin 'n duidelike waarskuwingsteken dat die vlak van die skatkistekort so gou as moontlik verminder moet word.

'n Onlangse belangrike positiewe ontwikkeling in die staatsfinansies was die afname in die ontsparing deur die algemene owerheid in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 'n hoogtepunt van 6½ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 3 persent in die vierde kwartaal van 1994. Hierdie kleiner verhouding van ontsparing is egter nie behaal deur die verhouding van lopende staatsuitgawes tot bruto binnelandse produk te verminder nie, maar was die gevolg van 'n skerp styging in belastingontvangste. Dit het dus moontlik 'n verskuiwing van besparing van die private na die openbare sektor weerspieël, veral 'n afname in die besparingsverhouding van huishoudings. Die verhouding van die totale binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het dienooreenkomsdig in die kalenderjaar 1994 in die geheel onveranderd gebly, hoewel dit in die vierde kwartaal van die jaar effens toegeneem het.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings


Binnelandse produksie

Die verandering in die *totale reële bruto binnelandse produk* teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het omgeswaai van 'n afname van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1994 na opwaarts hersiene toenames van 2 persent in die tweede kwartaal en 4 persent in die derde kwartaal. In die vierde kwartaal van 1994 het die jaarkoers van toename in die binnelandse produksie verder tot 6½ persent versnel; dit het die seisoensaangesuiwerde reële waarde van die bruto binnelandse produk tot ongeveer 1½ persent bokant die vorige hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989 geneem.

Nadat negatiewe groei in die reële bruto binnelandse produk in die tydperk 1990 tot 1992 aangeteken is, het dit met 1 persent in 1993 en met 2½ persent in 1994 gestyg. Die groei in 1994 is ongelukkig deur die politieke oorgangsproses sowel as arbeidsonrus en werkstopsettings ontwrig, wat die reële bruto binnelandse produk verhinder het om nog sterker te styg. Die groei in die binnelandse produk was nietemin wydverspreid en al die sektore, behalwe die primêre sektore, het tot die versnelling in die groei van produksie bygedra.

Hoewel die mielie-oes met meer as een derde bokant die reeds hoë vlak van die vorige jaar gestyg het, het die groei in *landbouproduksie* in 1994 betekenisvol verlangsaaam. Landbouproduksie is teruggehou deur die opbouing van kuddes deur veeboere toe weidingstoestande begin verbeter het, uitgebreide rypskade aan

Reële bruto binnelandse produk



groenteproduksie gedurende die wintermaande, 'n ernstige siekte wat hoenderproduksie beïnvloed het en 'n koringoes wat heelwat kleiner was as gedurende die vorige seisoen.

Mynbouproduksie het in die tweede helfte van 1994 effens herstel en in die derde sowel as die vierde kwartaal teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent gestyg; dit het gevvolg op 'n aansienlike afname in die eerste helfte van die jaar. 'n Oplewing in die internasionale vraag na onedele metale en minerale sowel as 'n voortgesette sterk groei in die produksie van die steenkoolmyne was hoofsaaklik vir die toename in die reële toegevoegde waarde van die mynbou verantwoordelik. Die reële produksie deur die mynbousektor het nogtans in 1994 met $2\frac{1}{2}$ persent afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n daling in die goudproduksie wat verband gehou het met die ontginning van erts met 'n laer goudinhoud en tegniese probleme wat in die produksieproses ondervind is.


Produksiehoeveelhede in die sekondêre sektore het teen die einde van 1994 sterk begin styg en die groei in die vierde kwartaal word tans teen 'n jaarkoers van 8 persent geraam. Die vernáamste stukrag vir hierdie sterk groei het van die fabriekswese gekom. Daar word geraam dat fabrieksproduksie in 1994 met ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent gestyg het; die groei in hierdie sektor in 1993 was minder as $\frac{1}{2}$ persent. Die toename in die vraag na elektrisiteit en die uitbreiding van dienslewering het geleid tot 'n voortgesette sterk koers van toename in die produksie van die sektor wat elektrisiteit, gas en water verskaf, terwyl die produksie in die konstruksiesektor dwarsdeur 1994 teen 'n bestendige maar betreklik beskeie koers gestyg het.

Al die tersiêre sektore het in 1994 tot 'n baie vinniger uitbreiding van produksie bygedra. Die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore het in daardie jaar met 2 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van slegs $\frac{1}{2}$ persent in 1993. Nadat die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor gestyg het teen jaarkoerse wat in die eerste drie kwartale van 1994 tussen 2 en $2\frac{1}{2}$ persent gewissel het, het dit in die vierde kwartaal teen 'n jaarkoers van 4 persent toegeneem.

Die produksievlekke in die groot- en kleinhandelssektore het in die vierde kwartaal van 1994 toegeneem met sterk groei wat veral in die motorhandel voorgekom het omdat handelaars gepoog het om die verliese van die derde kwartaal in te haal toe die staking in die motorvervaardigingsbedryf die normale handel ontwrig het. Die handel- en akkommodasiesektor het voordeel getrek uit 'n toename in die aantal binnelandse en buitelandse toeriste. Die reële toegevoegde waarde deur die handel het derhalwe vir 1994 in die geheel met 3 persent gestyg, dit wil sê teen 'n aansienlike hoér koers as die $\frac{1}{2}$ persent wat in 1993 aangeteken is.

Die hoë vlak van bedrywigheid in die nywerheid- en handelsektore en die aansienlike toename in die omvang van die handel het meegebring dat die toegevoegde waarde van die sektor *vervoer, opberging en kommunikasie* in al vier die kwartale van 1994 teen 'n

Reële bruto nasionale produk



jaarkoers van ongeveer 2 persent toegeneem het en dat die groei in hierdie sektor vir die jaar in die geheel op $3\frac{1}{2}$ persent te staan gekom het. Die algemeen lewendige toestande in die finansiële markte en die oplewing in die transaksies in vaste eiendom het dwarsdeur 1994 hoë kwartaallikse groeikoerse teen 'n jaarkoers van meer as 4 persent, in die sektor finansies, vaste eiendom en besigheidsdienste gerugsteun.

As gevvolg van die sterk groei in die reële binnelandse produksie en 'n verbetering in die ruiervoer van Suid-Afrika, het die *reële bruto nasionale produk* van die land in 1994

Tabel 1. Groei in die reële bruto binnelandse produk per sektor

Persent

	1992	1993	1994
Primêre sektore.....	-8%	6%	1
Landbou	-27%	16%	9
Mynbou	1%	2%	-2%
Sekondêre sektore.....	-3	0	2%
Fabriekswese.....	-3	0	2%
Tersiêre sektore.....	0	$\frac{1}{2}$	2
Handel	-2%	$\frac{1}{2}$	3
Vervoer	2	2%	3%
Finansies.....	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$	2%
Totaal.....	-2%	1	2%

met 3½ persent gestyg. Die reële bruto nasionale produk wat sedert die begin van 1993 begin styg het, het dus in 1994 verder toegeneem. Nadat die reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking met 14½ persent van die begin van 1989 tot aan die einde van 1992 afgeneem het, het dit sommige van hierdie verliese herwin en teen 'n jaarkoers van 3½ persent tot 'n vlak van ongeveer R6 700 in die vierde kwartaal van 1994 toegeneem.


Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die vierde kwartaal van 1994 vir die sesde agtereenvolgende kwartaal aangehou om teen 'n vinnige koers toe te neem. Toenames in al die hoofkomponente van besteding het tot 'n toename teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 7 persent in die vierde kwartaal bygedra. Vir die volle kalenderjaar word die groei in die reële binnelandse besteding op 6 persent geraam; in 1993 het dit met slegs 1 persent toegeneem. Die voortdurende skerp toename in alle vorme van besteding het veroorsaak dat die totale reële bruto binnelandse besteding in die vierde kwartaal van 1994 toegeneem het tot 'n vlak wat 11 persent hoër was as die onderste draaipunt in die tweede kwartaal van 1993.

Nadat die groei in die reële private verbruiksbesteding agtereenvolgens teen jaarkoerse van 2 persent, 3 persent en 3½ persent in die eerste drie kwartale van 1994 toegeneem het, het dit in die vierde kwartaal verder versnel tot 4 persent. Dit het die toename in die reële private verbruiksbesteding in die kalenderjaar 1994 op 2½ persent te staan gebring. Hoewel al die hoofkomponente tot hierdie hoë groei bygedra het, het die vernaamste stukrag van die besteding aan duursame en semi-duursame goedere gekom (sien tabel 2). Die toename in die reële verbruiksbesteding deur huishoudings het die groei in die reële persoonlike beskikbare inkome van 1½ persent in 1994 oortref, wat daarop dui dat die gemiddelde verbruiksgeneigdheid toegeneem het en dat 'n groot deel van hierdie toename deur verbruikerskrediet gefinansier is.

Die groei in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid, wat in die eerste kwartaal van 1994 'n jaarkoers van 7 persent bedra het, het in die volgende drie kwartale skerp afgeneem en in die vierde kwartaal

Reële bruto binnelandse besteding




van 1994 'n vlak van slegs 1 persent bereik. Hierdie vermindering in die groei van owerheidsverbruik kon egter nie 'n toename van 4 persent in hierdie grootheid vir die kalenderjaar 1994 verhinder nie; in 1993 het dit met 2 persent gestyg. Die skerp toename in die reële besteding van die owerheid aan verbruiksgoedere en -dienste in 1994 was hoofsaaklik die gevolg van die politieke oorgangsproses.

Opwaarts hersiene ramings toon dat die totale reële bruto binnelandse vaste investering (seisoensaangesuiwerd) in die eerste drie kwartale van 1994 teen jaarkoerse van 3½, 10½ en 18 persent toegeneem het. Dit is in die vierde kwartaal deur 'n toename van 19½ persent gevolg. Die reële bruto vaste investering het daarom vir dié jaar in die geheel teen 'n hoë koers van 7 persent gestyg – dit was die eerste jaar-tot-jaar toename sedert 1989. Hierdie toename in die kapitaalvorming was


Tabel 2. Persentasieverandering in reële private verbruiksbesteding, 1994
Seisoensaangesuiwerde jaarkoers van kwartaal tot kwartaal

	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1994
Duursame goedere.....	4	4	5	6	4
Semi-duursame goedere	3½	3½	4½	5½	3½
Nie-duursame goedere.....	1½	3	3	3½	2½
Dienste.....	1	2	2	3½	1½
Totaal	2	3	3½	4	2½

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



Reële bruto binnelandse vaste investering



die gevolg van 'n uitbreiding in die reële besteding aan kapitaaltoerusting deur die private sektor en openbare korporasies, wat 'n verdere daling in die reële bruto binnelandse vaste investering deur openbare owerhede meer as net teengewerk het.

Die reële vaste kapitaalvorming deur die *private sektor* het gedurende 1994 sterk gestyg. Die reële besteding aan vaste kapitaalvorming het van 'n jaarkoers van 8½ persent in die eerste helfte van die jaar tot 21 persent in die tweede helfte van die jaar versnel. In die kalenderjaar 1994 het die reële vaste investering deur private ondernemings en huishoudings met 10 persent toegeneem in vergelyking met 'n daling van 1½ persent in 1993. Sterk groeikoerse was veral in die investering deur die landbou, die mynbou, die fabriekswese en die finansiële dienste waarneembaar. Hoewel dit in 'n groot mate aan 'n aantal belangrike kapitaalprojekte toegeskryf kan word, het bestendiger politieke omstandighede ongetwyfeld tot 'n meer algemene verstewiging in die investering van die private sektor bygedra.


Die reële vaste kapitaalbesteding deur die *openbare korporasies* het in die laaste drie kwartale van 1994 skerp toegeneem. Hierdie toenames het op aansienlike afnames gedurende die tydperk 1991 tot 1993 gevvolg en is hoofsaaklik deur die uitbreiding van Eskom se elektrisiteitsnetwerk na digbevolkte woongebiede sowel as na sommige plattelandse gebiede teweeggebring. Dit het afnames in die vaste investering van ander openbare korporasies meer as geneutraliseer en daartoe geleid dat die totale vaste investering van hierdie ondernemings met 3½ persent in 1994 toegeneem het. Die reële kapitaalbesteding van die *openbare owerhede* het bly daal, met die gevolg dat 'n klein afname in die reële kapitaalvorming van die *openbare sektor* in 1994 in die geheel aangeteken is.

Die opbouing van voorrade sedert die tweede helfte van 1993 is dwarsdeur 1994 voortgesit en het teen konstante pryse op R5,7 miljard vir die volle jaar te staan gekom. Die skerp toename in die reële investering in voorrade was veral in die sektore mynbou, fabriekswese en handel waarneembaar. Hierdie opbouing van voorrade kon aan 'n positiewer ingesteldheid van die sakegemeenskap toegeskryf word en 'n bereidwilligheid van ondernemers om hulself voor te berei op 'n oplewing in die finale vraag. Die vlak van die nywerheids- en handelsvoorraad in verhouding tot die bruto binnelandse produk het dienooreenkomsdig van 'n laagtepunt van bykans 16 persent in die derde kwartaal van 1993 tot ongeveer 17½ persent in die vierde kwartaal van 1994 gestyg.

Faktorinkome

Die toename in die totale nominale faktorinkome van jaar tot jaar het van 'n gemiddelde van 14 persent in die laaste twee kwartale van 1993 tot ongeveer 12½ persent in die vierde kwartaal van 1994 verlangsamt. Hierdie verlangsaming was die gevolg van 'n effens laer groeikoers in die toename van jaar tot jaar in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings en 'n afplat-

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



ting in die toename van jaar tot jaar in die vergoeding van werknemers.


Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale *bruto bedryfsurplus* het van 'n gemiddelde van 14% persent in die tweede helfte van 1993 tot 11½ persent in die tweede helfte van 1994 gedaal. Vir 1994 in die geheel het die toename in die *bruto bedryfsurplus* op 12 persent te staan gekom, teenoor 'n toename van ongeveer 13½ persent in 1993. Kleiner toenames is veral aangeteken in die bedryfsurplusse van ondernemings wat in die mynbou, die handel en die finansies bedrywig is.

Die toename in die totale vergoeding van werknemers, gemeet oor vier kwartale, het sedert die eerste kwartaal van 1993 afgwaarts van 12 persent gewissel en in die vierde kwartaal van 1994 op 10½ persent te staan gekom. Op 'n kalenderjaargrondslag het die toename in salaris en lone effens gedaal van 10½ persent in 1993 tot net meer as 10 persent in 1994. Hierdie toenames het egter die heersende inflasiekoers oorskry, met die gevolg dat die reële loonrekening van die land toegeneem het ondanks die aansienlike styging in werkloosheid.

Binnelandse besparing

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die *bruto binnelandse produk*, wat geleidelik van 18 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot 17½ persent in die derde kwartaal van 1994 gedaal het, het in die

Netto besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



vierde kwartaal effens tot 18 persent gestyg. Die totale besparingsverhouding het in 1994 egter gemiddeld op die vlak van 17½ persent gebly wat in die vorige jaar bereik is.

Die verbetering in die besparingsverhouding in die vierde kwartaal van 1994 kon hoofsaaklik aan die verdere vermindering in die *ontsparing deur die algemene owerheid* toegeskryf word. Die *ontsparing deur die algemene owerheid* in verhouding tot die *bruto binnelandse produk* het op 'n betreklik volgehoue grondslag afgeneem van 'n vlak van 6½ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot net hoër as 4 persent in die derde kwartaal van 1994 en 3 persent in die vierde kwartaal. Hierdie aansienlike verbetering in die *ontsparing deur die owerheid* kon aan 'n sterk toename in belastingontvangste toegeskryf word en was daarom waarskynlik deels 'n weerspieëeling van 'n verskuiwing van besparing van die private na die openbare sektor.

Die styging in belasting, tesame met 'n skerp toename in die private verbruiksbesteding en slegs 'n

matige toename in lopende inkomte, het tot 'n verdere daling in die besparingsverhouding van huishoudings gelei. Die netto *besparing deur huishoudings* as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het skerp afgeneem van meer as 3 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 1½ persent in die vierde kwartaal van 1994. Vir 1994 in die geheel het die verhouding van die besparing van huishoudings tot die bruto binnelandse produk ongeveer 2 persent bedra, teenoor 3 persent in die vorige jaar.

Die netto *maatskappybesparingsverhouding* van bykans 6 persent van die bruto binnelandse produk in 1993 het in 1994 onveranderd gebly. Hierdie verhouding vergelyk goed met die gemiddelde vlak van 5 persent wat in die vorige tien jaar aangeteken is. 'n Betreklik hoë omset en 'n voortgesette ingesteldheid op kostebeheer en streng batebestuur het baie maatskappye in staat gestel om gesonde besparingskoerse te handhaaf. Die kontantsaldo's van maatskappye het in 1994 verder versterk en dit wil voorkom asof die maatskappysektor oor die algemeen in 'n goeie posisie verkeer om 'n hoër vlak van investering te kan finansier.



Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou, wat deurgaans gedurende die resessie en tot in die vroeë stadia van die huidige opwaartse beweging in die algemene ekonomiese bedrywigheid bly daal het, het in die tweede kwartaal van 1994 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,6 persent toegeneem (die jongste gegewens wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is). Hierdie gebeure kan grotendeels toegeskryf word aan 'n toename in die aantal werkers in diens van die openbare owerhede. Die arbeidsmag van die private sektor het in die tweede kwartaal van 1994 bly daal, hoewel teen 'n heelwat laer koers as gedurende enige van die voorafgaande sestien kwartale.

Die werkverskaffing in die *private sektor buite die landbou* was tot en met die tweede kwartaal van 1994 traag om te reageer op die verstewiging in die algemene ekonomiese bedrywigheid. Die totale aantal persone in die diens van private ondernemings het in die tweede kwartaal van 1994 bly afneem, maar die koers van afname het verminder tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,1 persent vergeleke met 2,0 persent in die voorafgaande kwartaal. Hierdie lae koers van afname kon hoofsaaklik toegeskryf word aan toenames in die werkverskaffing in die konstruksiebedryf, die mynbou-sektor uitgesonnerd goud, versekeringsmaatskappye en landboubemarkingsrade, terwyl verdere afnames teen laer koerse in die elektrisiteitsopwekkingsbedryf, die kleinhandel, die motorhandel en die private padvervoer aangeteken is.

Die totale werkverskaffing deur die *openbare owerhede* het in die tweede kwartaal van 1994 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2,3 persent toegeneem. Dit was die eerste toename in die

Werkverskaffing in nie-landbousektore




werkverskaffing deur die openbare owerhede sedert die derde kwartaal van 1992. Toenames in die werkverskaffing deur die sentrale regering en die provinsiale administrasies wat deels verband gehou het met die indiensneming van tydelike werkers gedurende die verkiesingstydperk in April 1994, was vir die toename in die aantal werkers in diens van die openbare owerhede verantwoordelik.

Die klein toename in die aantal persone wat in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou werksaam is, moet beoordeel word teen die verlies van bykans 500 000 werkgeleenthede tussen die derde kwartaal van 1989 en die eerste kwartaal van 1994 en die huidige hoë vlak van werkloosheid in die land. Die aantal *geregistreerde werkloses* het trouens sedert die tweede kwartaal van 1994 hoér geneig en 292 000 in November 1994 beloop.


Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale salaris* en *lone* per werker in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou het van 16,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 9,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 en tot 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1994 afgeneem, voordat dit weer tot 13,8 persent in die tweede kwartaal van 1994 versnel het.

Nominale vergoeding per werker in nie-landbousektore



Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



Soos in tabel 3 aangedui word, is die hoër koers van toename in die tweede kwartaal van 1994 hoofsaaklik veroorsaak deur aanpassings in die vergoeding van werkers in die openbare sektor. In die tweede kwartaal van 1994 is jaarlikse en spesiale bonusse aan sekere klasse van werkers in die openbare sektor toegestaan en is spesiale toelaes gedurende die verkiesingstyd aan sommige werkers betaal. Die nominale vergoeding per werker in die private sektor buite die landbou het ook vinniger toegeneem, maar nie naastenby in dieselfde mate as dié van werkers in die openbare sektor nie: die koers van toename oor vier kwartale in die vergoeding van werkers in die private sektor het van 9,4 persent in die eerste kwartaal van 1994 tot 10,3 persent in die tweede kwartaal gestyg.

Tabel 3. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker

Percent

Tydperk	Openbare owerhede	Private sektor	Totaal
1993: 1e kw	13,6	12,6	13,0
2e kw	8,8	10,7	10,1
3e kw	9,6	10,7	10,3
4e kw	5,5	10,9	9,1
1994: 1e kw	8,9	9,4	9,2
2e kw	20,5	10,3	13,8

Nadat die *reële vergoeding* per werker gedurende 1993 afgeneem het, het die koers van toename oor vier kwartale in die eerste twee kwartale van 1994 weer met 0,7 persent en 4,6 persent gestyg. Die groei in die *arbeidsproduktiwiteit* het terselfdertyd van 'n koers van toename oor vier kwartale van 4,4 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 3,1 persent in die tweede kwartaal van 1994 verlangsaam. As gevolg hiervan het die *reële arbeidseenheidskoste* in die sektore buite die landbou (nominale koste gedefleer met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) weer toegeneem teen 'n koers van 1,5 persent in die tweede kwartaal van 1994 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Dit was die eerste toename in die *reële arbeidseenheidskoste* sedert die vierde kwartaal van 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale arbeidseenheidskoste* het ook skerp gestyg van 4,9 persent in die eerste kwartaal van 1994 tot 10,4 persent in die tweede kwartaal.

Pryse

Die goeie vordering wat met die verlaging van *inflasie in die produksiepryse* gemaak is, is gedurende die eerste drie kwartale van 1994 tydelik omgekeer. Die verswakkende wisselkoers van die rand, stygende internasionale oliepryse, ontwrigtings in die aanbod van landbou-

produkte en 'n stellige vraag in die binnelandse mark het veroorsaak dat die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende produksieprysindeks versnel het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 14,6 persent in die derde kwartaal van 1994. In die vierde kwartaal van 1994 het sommige van hierdie prysverhogende kragte begin afneem en het die toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende produksieprysindeks tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 5,1 persent gedaal.

Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die omvattende produksieprysindeks het ook toegeneem van 'n laagtepunt van 5,4 persent in Oktober 1993 tot 10,1 persent in September 1994 voordat dit tot 9,4 persent in November en 9,7 persent in Desember afgeneem het. As gevolg van hierdie veranderings, het die koers van toename van jaar tot jaar in die produksiepryse ook van 6,6 persent in 1993 – die laagste koers van toename in hierdie prysindeks sedert 1971 – tot 8,2 persent in 1994 gestyg.

Die uitwerking van die depresiasi van die rand op produksiepryse word duidelik in die veranderings van kwartaal tot kwartaal in die *prysindeks van ingevoerde goedere weerspieël*. Te midde van betreklik bestendige internasionale prysen het hierdie kwartaallike veranderings versnel van 'n daling teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 5,4 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot toenames van 16,6 persent in die tweede kwartaal van 1994 en tot 14,8 persent in die derde kwartaal. Die prysen van invoerprodukte het derhalwe in


die eerste helfte van 1994 met 'n sloering gereageer op die depresiasi van die rand en hoër internasionale oliepryse. Die verstewiging in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die tweede helfte van 1994 en 'n daling in internasionale oliepryse in die laaste drie maande van die jaar het daarna aanleiding gegee tot 'n werklike daling in die prysindeks van ingevoerde goedere, wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers 3,6 persent in die vierde kwartaal van 1994 beloop het.

Hoër toenames in die *prysindeks van binnelands geproduseerde goedere* het bygedra tot die versnelling van inflasie in die produksiepryse. Die jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die seisoensaangesuiwerde produksiepryse van binnelands geproduseerde goedere het versnel van 5,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 11,1 persent in die eerste kwartaal van 1994, 9,0 persent in die tweede kwartaal en 14,4 persent in die derde kwartaal. Hierdie toename is grotendeels veroorsaak deur tekorte in die aanbod van vleis (as gevolg van die aanvulling van veekuddes toe die weidingsstoestande verbeter het) en groente (as gevolg van rypskade aan oeste). Nadat die aanbod van voedsel in die vierde kwartaal van 1994 weer na meer normale vlakke teruggekeer het, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksieprysindeks van binnelands geproduseerde goedere tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 6,9 persent afgeneem.

Soos in tabel 4 aangetoon word, het die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die omvattende *verbruikersprysindeks* 'n patroon gevvolg wat heelwat ooreengestem het met dié van die omvattende produksieprysindeks: dit het ook geneig om gedurende die eerste drie kwartale van 1994 te versnel voordat dit in die vierde kwartaal ietwat verlangsaam het. Hierdie versnelling in die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks het ontstaan as gevolg van vinniger toenames in die prysen van sowel verbruikersgoedere as in die prysen van verbruikersdienste.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die omvattende verbruikersprysindeks het nietemin verder van 15,3 persent in 1991 tot 9,7 persent in 1993 en 9,0 persent in 1994 afgeneem – die laagste koers van

Produksiepryse



Tabel 4. Koerse van verandering van kwartaal tot kwartaal in die verbruikerspryse teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Persent	Tydperk	Goedere	Dienste	Totaal
	1993: 4e kw	6,2	1,2	5,3
	1994: 1e kw.....	8,3	6,8	9,2
	2e kw	8,0	8,3	6,7
	3e kw	19,4	16,0	15,7
	4e kw	6,7	9,1	8,4

Buitelandse handel en betalings

Verbruikerspryse



toename sedert 1972 toe 'n toename van 6,1 persent aangeteken is. Verbruikersprysinflasie, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het versnel van 7,1 persent in April 1994 tot 10,1 persent in September en toe effens verlangsaam tot 9,9 persent in November en Desember 1994. Die prys van voedsel en nie-alkoholiese drank kan uitgesonder word as die belangrikste verklaring vir die versnelling van inflasie in die verbruikerspryse gedurende 1994. Indien hierdie bestedingsitems buite rekening gelaat word, was die toename oor twaalf maande in die pryse van ander verbruiksgoedere en -dienste minder opvallend maar bestendiger; dit het van 6,6 persent in April 1994 tot 7,9 persent in Desember toegeneem.

Betalingsbalans op lopende rekening

Soos wat met die vinnige koers van toename in die bruto binnelandse besteding verwag kon word, het die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerde en tot 'n jaarkoers verhef) omgeswaai van 'n gemiddelde kwartaallikse oorskot van R2,0 miljard in die eerste helfte van 1994 tot 'n tekort van R5,4 miljard in die derde kwartaal en R7,0 miljard in die vierde kwartaal. Vir 1994 in die geheel is 'n tekort van R2,1 miljard op die lopende rekening aangeteken; dit was die eerste tekort sedert 1984 en 'n aansienlike verandering vergeleke met die oorskot van R5,8 miljard in 1993. Sulke skerp fluktusies in die saldo op die lopende rekening is egter nie ongewoon naby die onderste en boonste draaipunte van die konjunktursiklus nie.

Die merkbare verswakking in die saldo op die lopende rekening gedurende 1994 was hoofsaaklik te wyte aan 'n aansienlike toename in die omvang van die goedere-invoer. Die fisiese hoeveelheid van ingevoerde goedere het in 1994 met 17½ persent gestyg, of met 2,9 persentasiepunte vir elke toename van een persentasiepunt in die reële bruto binnelandse besteding. Hierdie verhouding is nie abnormaal hoog nie; dit is trouens laer as die gemiddelde verhouding van 3,6 in die voorafgaande tien jaar. Die toename in die goedere-invoer het dus hoofsaaklik met hoér besteding verband gehou en is klaarblyklik nie 'n aanduiding van 'n algemene prysvoordeel van ingevoerde goedere nie. Die daling in die wisselkoers van die rand tesame met slegs matige toenames in die produsentépryse van handelsvennootlande het terselfdertyd veroorsaak dat die pryse van ingevoerde goedere met 8½ persent gestyg het, wat die toename in die waarde van die invoer-op 27 persent te staan gebring het.


Skerp stygings het in die invoer van masjinerie en elektriese toerusting, chemiese produkte, tekstiele en vervoertoerusting voorgekom. Belangriker nog, duis die klassifikasie van ingevoerde produkte volgens stadium van verbruik daarop dat 'n aansienlike verhoging in die invoer van kapitaalgoedere hoofsaaklik vir die versnelling

Tabel 5. Lopende rekening van die betalingsbalans, 1994

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljarde

	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1994
Goedere-uitvoer	60,6	64,0	67,9	73,0	66,4
Netto gouduitvoer.....	22,6	23,2	24,8	20,1	22,7
Goedere-invoer	-65,6	-71,3	-82,3	-85,1	-76,1
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-16,1	-13,3	-15,8	-15,0	-15,1
Saldo op lopende rekening	1,5	2,6	-5,4	-7,0	-2,1

Lopende rekening




in die groei van die invoer verantwoordelik was. Namate groot kapitaalprojekte en ander investeringsprogramme momentum begin kry het, het die invoer van kapitaalgoedere ook versnel. Matiger stygings is in die invoer van intermediêre en verbruikersgoedere aangeteken.

Die totale waarde van die *goedere-uitvoer* het in die kalenderjaar 1994 met 17½ persent gestyg. 'n Styging in internasionale grondstofpryse en 'n daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het tot 'n verhoging van bykans 12 persent in uitvoerprys geleid. Die omvang van die uitvoer het te midde van 'n vinniger internasionale ekonomiese herstel met 5 persent toegeneem. Hoewel hierdie toenames laer was as die geraamde toename in die hoeveelheid van wêreldhandel, was dit nogtans 'n merkwaardige prestasie as die invloed van die proses van politieke oorgang en arbeidsonrus op binnelandse produksie in ag geneem word. Hierdie faktore het die uitvoer van vervaardigde goedere en metale en mineraalprodukte in die besonder beïnvloed.

Die oommekeer in die saldo op die lopende rekening is ook in 1994 in 'n aansienlike mate beïnvloed deur 'n daling van 11 persent in die hoeveelheid van die *netto gouduitvoer* wat grotendeels die gevolg was van 'n verdere verlaging in die gemiddelde graad van erts wat gemyn is. Nie net die kwaliteit nie, maar ook die

Invoere volgens stadium van verbruik



hoeveelheid van gouddraende erts wat vergruis is, het skerp gedaal. Tegniese probleme as gevolg van aardbewings, die sluiting van sommige myne en onbestendige arbeidstoestande het daar toe bygedra dat produksie skerp gedaal het. Die gemiddelde prys van goud per fyn ons het gelukkig van \$360 (R1 177) in 1993 tot \$384 (R1 363) in 1994 gestyg en gevoglik het die waarde van die netto gouduitvoer in 1994 met 2 persent toegeneem. Die goudprys het egter in die derde kwartaal van 1994 'n boonste draapunt bereik. Na voortdurende stygings in die eerste helfte van 1994, het die waarde van die gouduitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) gevoglik van R24,8 miljard in die derde kwartaal van die jaar tot R20,1 miljard in die vierde kwartaal gedaal.

Hoër besteding deur buitelandse toeriste in Suid-Afrika en 'n toename in dividendontvangste op beleggings in ander lande, het tot 'n afname in *netto diensten en oordragbetalings* aan nie-inwoners van die derde tot die vierde kwartaal van 1994 bygedra. Vir 1994 in die geheel het hierdie betalings egter R15,1 miljard bedra; dit is 16 persent hoër as die R13,0 miljard in 1993. Skerp toenames was in die betalings vir vrag en versekering op goedere en rente op buitelandse lenings te bespeur.

Kapitaalrekening

'n Verdere totale *netto kapitaalinvloeiing* het in die vierde kwartaal van 1994 plaasgevind. Nadat 'n netto uitvloeiing van R3,6 miljard in die eerste helfte van 1994 na 'n netto invloeiing van R5,5 miljard in die derde

Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie

R miljarde

	1993		1994			Jaar
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede.....	-1,3	-1,1	-0,1	0,5	3,7	3,0
Openbare korporasies	-1,6	-1,4	-0,2	0,3	0,7	-0,6
Private sektor	2,6	0,8	-1,3	-0,4	-0,1	-1,0
Totale langtermynkapitaal	-0,3	-1,7	-1,6	0,4	4,3	1,4
Korttermynkapitaal.....	-14,7	0,6	-0,9	5,1	-1,0	3,8
Totale kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie.....	-15,0	-1,1	-2,5	5,5	3,3	5,2

kwartaal omgeswaai het, het die netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie in die vierde kwartaal van die jaar op R3,3 miljard te staan gekom. Vir 1994 in die geheel het die netto invloeiing van kapitaal R5,2 miljard bedra, vergeleke met 'n netto uitvloeiing van kapitaal van R15,0 miljard in 1993. Die prestasie was egter nog merkwaardiger indien in ag geneem word dat verpligtinge van R5,9 miljard op buitelandse langtermynlenings en geaffekteerde skuld gedurende die jaar betaalbaar geword het.


Ondanks hierdie lenings wat verval het, is 'n netto invloeiing van *langtermynkapitaal* van R1,4 miljard in 1994 aangeteken. Hierdie invloeiing van langtermynkapitaal het in die tweede helfte van die jaar en veral in die vierde kwartaal voorgekom: die langtermynkapitaalbewegings van en na Suid-Afrika het verander van 'n netto uitvloeiing van R3,3 miljard in die eerste helfte van 1994 na 'n netto invloeiing van R4,7 miljard in die tweede helfte. Die verbetering in langtermynkapitaalvloeiinge was in 'n groot mate die gevolg van 'n verdere normalisering van internasionale finansiële verhoudings en die betreklik gunstige formele kredietwaarderings van Suid-Afrika in Oktober. In die lig van hierdie veranderinge is private plasings ten bedrae van R630 miljoen en 'n uitgif van regeringseffekte ten bedrae van VSA\$750 miljoen (R2,7 miljard) op internasionale kapitaalmarkte gemaak.

Die openbare korporasies het ook in die tweede helfte van 1994 netto leners van buitelandse fondse geword, terwyl nie-inwoners aansienlike bydraes gelewer het tot die groot kapitaalprojekte wat aan die gang is. Nie-inwoners was bowendien in 1994 netto aankopers van sekuriteite ten bedrae van R1,2 miljard op die Johannesburgse Effektebeurs. Hierdie aankope het deur middel van die finansiële rand plaasgevind en het gevvolglik nie die buitelandse reserwes van die land beïnvloed nie.

Die grootste deel van die kapitaalinvloeiing het uit *korttermynkapitaalbewegings* nie verwant aan reserwes

nie, maar met inbegrip van onaangetekende transaksies, bestaan. Die korttermynkapitaalbewegings het van 'n netto uitvloeiing van R14,7 miljard in 1993 na 'n netto invloeiing van R3,8 miljard in 1994 omgeswaai. Hierdie invloeiing van korttermynkapitaal het hoofsaaklik in die derde kwartaal van 1994 plaasgevind en het faktore soos die gunstige koste en beskikbaarheid van buitelandse handelsfinansiering, betreklike stram geldmarktoestande en die styging in die waarde van die goedere-invoer weerspieël. In die vierde kwartaal van 1994 het die praktyk van sommige buitelandse banke om hul uitstaande eise teen Suid-Afrika aan die einde van hul finansiële jare te verminder,¹ nie-inwoners se netto aankope van R1,7 miljard van skatkiswissels van drie maande geneutraliseer en tot 'n netto uitvloeiing van R1,0 miljard in die vorm van korttermynkapitaal aanleiding gegee. Hierdie kapitaaluitvloeiing is ook deur die krisis in Mexiko teen die einde van die jaar beïnvloed.

Totale netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie



Tabel 7. Goud- en ander buitelandse reserwes, 1994

R miljarde

Tydperk	Verandering in		Bruto besit*	
	Netto reserwes	Bruto reserwes	Reserwe- bank	Totaal
1e kw	-0,9	-0,7	7,9	10,3
2e kw	-2,3	-0,6	7,1	9,7
3e kw	3,3	1,3	8,1	11,0
4e kw	3,0	3,1	11,1	14,1


* Einde van tydperk.

Buitelandse reserwes

Vanweë die totale netto kapitaalinvloeiing, het die *netto goud- en ander buitelandse reserwes* van Suid-Afrika in die vierde kwartaal van 1994 met R3,0 miljard gestyg. Dit het die toename in die netto reserwes sedert Junie 1994 op R6,3 miljard te staan gebring. In Januarie 1995 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R0,7 miljard toegeneem. Die verbetering in die algehele betalingsbalansposisie het die Reserwebank in staat gestel om aansienlike terugbetalings op lenings verwant aan reserwes te maak: die uitstaande saldo op die Bank se buitelandse lenings het van R8,5 miljard aan die einde van April 1994 tot R4,7 miljard aan die einde van Januarie 1995 gedaal.

Suid-Afrika se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* het met R3,1 miljard van die einde van September 1994 tot R14,1 miljard aan die einde van Desember 1994 toegeneem. Hierdie vlak van reserwes was gelyk aan ongeveer 6½ weke se invoer van goedere en dienste. In Januarie 1995 het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R0,2 miljard tot 'n vlak van R11,3 miljard gestyg.

Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes



Wisselkoerse van die rand

Na 'n skerp daling van meer as 12 persent van die einde van 1993 tot die middel van Julie 1994, het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die res van 1994 beduidend herstel. Die *nominale effektiewe wisselkoers van die rand* het nietemin steeds, per saldo, gedurende 1994 met 8,5 persent gedaal. In die eerste sewe weke van 1995 het die geweegde indeks van die rand 'n verdere matige daling getoon, maar daarna skerp gedaal in afwagting van die verwagte afskaffing van die finansiële rand. Gevolglik het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand van die einde van 1994 tot op 23 Februarie 1995 met 3,5 persent gedaal.

Die *reële effektiewe wisselkoers van die rand* het

Tabel 8. Veranderings in die wisselkoerse van die rand

Persent

	31 Des 1993 tot 13 Jul 1994	13 Jul 1994 tot 30 Sept 1994	30 Sept 1994 tot 31 Des 1994	31 Des 1993 tot 31 Des 1994	31 Des 1994 tot 23 Febr 1995
	13 Jul 1994	30 Sept 1994	31 Des 1994	31 Des 1994	23 Febr 1995
Geweegde gemiddelde	-12,1	2,6	1,5	-8,5	-3,5
VSA-dollar	-7,0	2,3	0,8	-4,1	-1,8
Britse pond	-12,3	1,4	2,2	-9,2	-3,7
Duitse mark	-17,8	3,1	1,1	-14,3	-6,6
Japanse yen	-18,9	3,4	2,2	-14,5	-4,4
Nederlandse gulden	-17,6	3,1	1,0	-14,2	-6,6
Italiaanse lira	-17,5	4,8	5,4	-8,8	-2,2

Wisselkoerse van die rand



gedurende 1994 gemiddeld met 3,0 persent gedaal; in die kalenderjaar 1993 het dit teen 'n veel vinniger koers van 4,7 persent afgeneem. Van die einde van 1992 tot aan die einde van Desember 1994 het die reële effektiewe wisselkoers van die rand dus met 6,6 persent verminder.

Spekulasie oor die moontlike afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel in Suid-Afrika en betreklik bestendige binnelandse toestande het tot 'n appresiasie van die *finansiële rand* van 'n historiese laagtepunt van R5,58 per dollar net voor die verkiesing in April tot R3,92 per dollar op 21 Oktober 1994 aanleiding gegee. Dit het veroorsaak dat die diskonto op die finansiële rand van 35,7 persent op 11 April 1994 tot slegs 10,2 persent op 21 Oktober 1994 vernou het. Die probleme in Mexiko was vervolgens hoofsaaklik verantwoordelik vir die depresiasie van die finansiële rand tot R4,10 per VSA-dollar en die verbreding van die diskonto op die finansiële rand tot 13,9 persent op 31 Januarie 1995. Hernieuwe spekulasie oor die moontlike afskaffing van die finansiële rand het in die tweede helfte van Februarie 'n appresiasie van die geldeenheid tot R3,83 per dollar op 23 Februarie 1995 veroorsaak. Namate die kommersiële rand vinnig na die laervlak van die finansiële rand beweeg het, het die diskonto op dieselfde dag tot slegs 5,7 persent vernou.


Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

Geldvoorraad

Die groeikoers in M3 (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het gedurende 1994 aansienlik gewissel, maar vanaf Maart het die koers merkbaar bo die boonste perk van die *riglyngrens* van 6 tot 9 persent vir die 1994-riglynjaar gebly. Die seisoensaangesuiwerde gemiddelde waarde van M3 het in die vierde kwartaal van 1994 R237,7 miljard beloop; dit was 14,6 persent hoër as die ooreenstemmende waarde van M3 in die vierde kwartaal van 1993. Die werklike toename in die kwartaallike gemiddelde waarde van M3, soos dit vir doeleindes van die geldvoorraadriglyne gemeet word, was gevvolglik R11,6 miljard, of 5,1 persent meer as die boonste perk van die riglyngrens vir 1994.

Die groeikoers oor twaalf maande in die geldvoorraad, wat gedurende die eerste sewe maande van 1994 vinnig versnel het, het in die daaropvolgende maande ietwat teruggesak voordat dit in Desember 1994 weer gestyg het. Die koers van toename oor twaalf maande in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad* (M3) het van 7,0 persent in Desember 1993 tot 16,9 persent in Julie 1994 versnel; dit het daarna effens tot 14,7 persent in November gedaal en weer tot 15,7 persent in Desember 1994 gestyg. Soos in tabel 9 gesien kan word, het die *enger gedefinieerde geldvoorraadtale* teen aansienlik

Riglyne vir groei in M3



Tabel 9. Persentasieverandering in die geldvoorraad oor twaalf maande

Tydperk	M1A	M1	M2	M3
1993: Des	16,6	6,7	3,9	7,0
1994: Jul	28,2	32,7	19,5	16,9
Aug	24,4	26,7	19,6	15,1
Sept	28,8	26,1	18,5	14,3
Okt	24,6	28,2	19,4	14,8
Nov	21,0	24,1	19,9	14,7
Des	24,8	23,7	20,6	15,7

vinniger koerse as M3 toegeneem, wat 'n duidelike weerspieëling van 'n hoë likwiditeitsvoorkleur is. Die hoër vraag na monetêre bates deur die publiek word deur 'n afname in die inkome-omloopsnelheid van M3 bevestig wat van 'n jongste hoogtepunt van 1,97 in die derde kwartaal van 1993 tot 1,90 in die vierde kwartaal van 1994, of met ongeveer 4 persent, afgeneem het.

Die betreklik vinnige groei in die geldvoorraad gedurende 1994 was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in die vraag na geld om die hoë vlak van verbruiksbesteding, investering en voorraadopbouing te finansier. 'n Ander faktor wat tot die hoër groei in geld bygedra het, was 'n toename in die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor vanweë die onsekerheid wat bestaan het gedurende die politieke oorgang, verwagte rentekoersveranderings en die waargenome gevær van


groot aanpassings in die aandele- en effektemark.

Die M3-geldvoorraad het met R33,2 miljard in 1994 gestyg vergeleke met slegs R13,8 miljard in 1993. Die vernaamste teenhangers (in 'n statistiese of rekening-kundige sin) van die toename in M3 gedurende 1994, was soos volg:

	R miljard
Netto buitelandse bates	-0,3
Regeringsektor: netto eise	8,0
Bruto eise	5,0
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	3,0
Eise teen die private sektor	39,1
Netto ander bates en laste	-13,6
Totale verandering in M3.....	33,2

Soos reeds in vorige kwartaallikse oorsigte aangedui is, het die uitreiking van spesiale staatseffekte ten bedrae van R7,5 miljard aan die Reserwebank 'n verskuiwing in hierdie statistiese teenhangers meegebring van veranderings in "netto ander bates en laste" na veranderings in die bruto en netto eise teen die regering, sonder om die algehele verandering in M3 te beïnvloed. Indien hierdie effekte-uitgifte nie in aanmerking geneem word nie, het die monetêre sektor se netto eise teen die regering in 1994 met slegs R0,5 miljard toegeneem. Hierdie klein toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname in regeringsdeposito's by monetêre instellings wat met die finansieringspraktyke van die regering verband gehou het: 'n beleid om die finansiering van die skatkistekort meer eweredig oor die jaar te versprei en beskikbare saldo's te gebruik is in die fiskale jaar 1994/95 gevolg, wat tot 'n skerp afname in regeringsdeposito's by monetêre instellings geleid het.

Inkome-omloopsnelheid van geld



Kredietverlening

Kredietverlening aan die private sektor was die statistiese teenhanger wat hoofsaaklik vir die versnelde groei in die geldvoorraad verantwoordelik was. Die groeikoers oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor deur monetêre instellings het van 9,7 persent in Desember 1993 tot 17,0 persent in Desember 1994 gestyg. Hierdie maandelikse groeikoerse het sedert Maart 1994 die koerse van verbruikersprysinflasie oorskry, wat daarop dui dat kredietverlening in reële terme in daardie stadium positief geword het.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens die soort krediet, toon dat die groeikoers oor twaalf maande in verbandvoorskotte gedurende 1994 op 'n vlak van ongeveer 17 persent gebly het en in Desember 17,9 persent beloop het. In weerspieëling van 'n skerp toename in die verkoop van nuwe motorvoertuie het die groeikoers oor twaalf maande in afbetaalingsverkoopkrediet verder van 18,0 persent in Desember 1993 tot 27,6 persent in Desember 1994 versnel. Die algemene styging in besteding het oor dieselfde tydperk tot 'n toename in die groeikoers oor

Kredietverlening deur monetêre instellings aan private sektor



twaalf maande in "ander lenings en voorskotte" (insluitend oortrokke rekeninge) van 8,4 persent tot 12,8 persent aanleiding gegee. Die groeikoers oor twaalf maande in bruikhuurfinansiering het egter gedurende 1994 op 'n betreklik laevlak gebly en in Desember slegs 7,2 persent beloop.

In rand uitgedruk is die kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor gedurende 1994 deur verbandvoorskotte en "ander lenings en voorskotte" oorheers. Verbandvoorskotte het R17,3 miljard en ander lenings en voorskotte R10,2 miljard of omstrengt 70 persent tot die totale toename van R39,1 miljard in kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor bygedra.

Tabel 10 toon dat kredietverlening aan *huishoudings* deur monetêre instellings in 1994 met R17,9 miljard of 14,7 persent toegeneem het. Verbandvoorskotte was steeds die vernaamste soort krediet wat deur huishoudings gebruik word: aan die einde van 1994 het 68 persent van die totale kredietverlening deur monetêre instellings aan individue die vorm van verbandvoorskotte aangeneem. Afbetalingsverkoopkrediet en sogenaamde "ander lenings en voorskotte" (oortrokke rekeninge uitgesonderd) het gedurende 1994 aansienlik gestyg, terwyl oortrokke rekeninge wat aan huishoudings toegestaan is met 20 persent afgeneem het, deels vanweë 'n verskuiwing na die buigsame verbandfinansieringskemas vanaf oortrokke rekeninge.

Kredietverlening deur monetêre instellings aan die *private sake sektor* het gedurende 1994 met R12,4 miljard of 17,1 persent gestyg. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die betreklike skerp stygings in oortrokke rekeninge, verbandvoorskotte en afbetalingsverkoopkrediet. Die koers van toename in "ander lenings en voorskotte" (oortrokke rekeninge uitgesonderd) het in 1994 slegs 8,5 persent bedra, maar dit het die vernaamste vorm van krediet gebly waarvan die private sake sektor gebruik gemaak het en het aan die einde van 1994 ongeveer 37 persent van die totale krediet uitgemaak wat deur private sakeondernemings benut is.

Rentekoerse en opbrengskoerse

Rentekoerse en opbrengskoerse op effekte, wat in Februarie 1994 begin verstewig het, het in die vierde

Tabel 10. Verandering in kredietverlening aan huishoudings en private sakeondernemings in 1994

	Huishoudings		Private sakeondernemings	
	R miljarde	Persentasieverandering	R miljarde	Persentasieverandering
Verbandvoorskotte.....	14,5	18,1	1,9	26,9
Afbetalingsverkoopkrediet	1,8	15,3	4,5	39,9
Oortrokke rekeninge.....	-2,5	-20,1	3,3	20,0
Bruikhuurfinansiering.....	1,1	17,4	0,1	1,6
Kredietkaarte	1,1	30,1	0,2	-
Ander lenings en voorskotte.....	1,9	25,0	2,4	8,5
Totaal.....	17,9	14,7	12,4	17,1

kwartaal van 1994 en die eerste twee maande van 1995 oor die algemeen verder gestyg. Die sterk opwaartse beweging in die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte in die eerste helfte van 1994 het tot 'n skerper opbrengskoerskromme gelei, wat later meer gelyk verloop het namate korttermynopbrengskoerse aanhou styg het en langtermynopbrengskoerse bestendiger geword het. Dit word duidelik weerspieël in die marge tussen opbrengskoerse soos op maandeinde op effekte met 'n looptyd van een jaar en tien jaar: hierdie marge het vergroot van 2,0 persentasiepunte in Januarie 1994 tot 3,0 persentasiepunte in Junie 1994 toe die opbrengskoerskromme steiler geword het, en het tot 2,6 persentasiepunte in Januarie 1995 vernou namate die opbrengskoerskromme meer gelyk geword het. Die opwaartse helling van die opbrengskoerskromme dui op verwagtings van verdere toenames in korttermynkoerse, terwyl die gelyke verloop van die kromme 'n afname in inflasieverwagtings oor die lang termyn weerspieël.


Geldmarkrentekoerse het per saldo steeds gedurende 1994 en die eerste twee maande van 1995 'n duidelik opwaartse beweging getoon. Die interbankkoers het byvoorbeeld van 9,75 persent aan die einde van Januarie 1994 tot 11,00 persent aan die einde van Mei 1994 gestyg, voordat dit teruggekeer het tot die vlakke wat aan die begin van die jaar bereik is. In reaksie op die toename in Bankkoers het hierdie koers daarná met een persentasiepunt tot 10,75 persent in September gestyg. Gedurende die daaropvolgende maande het dit verder tot 11,80 persent aan die einde van Januarie 1995 toegeneem en ietwat tot 11,50 persent op 20 Februarie

versag. Na die verhoging in Bankkoers het die interbankkoers op 23 Februarie tot 11,75 persent gestyg.

Die verhoging in Bankkoers van 12 tot 13 persent op 26 September 1994 het tot 'n ooreenstemmende styging in die banke se *uitleenkoers op prima oortrekings* sowel as die *oorheersende koers op verbandlenings* gelei. Die toename in die primakoers het op 26 September 1994 in werking getree en die toename in die koers op verbandlenings in Oktober 1994 vir nuwe verbandlenings en tussen 28 Oktober en 1 November 1994 vir bestaande verbandlenings. Die reële of inflasie-aangepaste koers op albei hierdie voorskotte was 5,8 persent in Desember 1994 in vergelyking met 5,2 persent in Desember 1993. Die maatreëls wat aangekondig is om monetêre beleid strammer te maak, het 'n verdere styging van 1,25 persentasiepunte tot 17,5 persent vanaf 22 Februarie 1995 in die uitleenkoers op prima oortrekings veroorsaak en van 1,0 persentasiepunt tot 17,25 persent per jaar in die verbandkoers vanaf 22 Februarie 1995 op nuwe lenings en vanaf 23 Maart tot 1 April 1995 op bestaande lenings.

Kapitaalmarkopbrengskoerse het ook gedurende 1994 merkbaar opwaarts beweeg. Die maandelikse gemiddelde *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* het van 12,21 persent in Januarie 1994 tot 15,87 persent in Augustus en tot 16,89 persent in September toegeneem. In die daaropvolgende maande het dit om hierdie vlak gewissel en in Januarie 1995 17,02 persent bereik. Die reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 2,1 persent in Januarie 1994 tot 6,3 persent in Desember 1994 gestyg. Kapitaalmark-

Opbrengskoerskrommes



Rente- en opbrengskoerse



opbrengskoerse het bykans geen reaksie op die jongste verhoging in Bankkoers getoon nie.

As gevolg van die verhoging in Bankkoers in September 1994, is die oorheersende koers op kleinhandeldeposito's van twaalf maande by banke in September 1994 met een persentasiepunt opwaarts tot 11,5 persent aangepas. In 'n poging deur die banke om langertermyndeposito's te midde van stygende opbrengskoerse aan te lok, is hierdie koers verder verhoog tot tussen 12,0 en 12,25 persent in Oktober 1994, tot 12,5 persent in November en tot 13,0 persent in Januarie 1995. Op hierdie vlak het deposante in Desember 1994 'n positiewe reële opbrengs voor belasting van 2,4 persent verdien. Aan die einde van Februarie 1995 is die koers op deposito's van twaalf maande verder tot 13,5 persent verhoog.


Ander langtermynkoerse is ook in die vierde kwartaal van 1994 en die eerste twee maande van 1995 verhoog. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings wat ingevolge die Staatsinkomstefonds toegestaan is (Skatkiswet, Wet no. 66 van 1975), wat in drie fases van 13,25 persent op 1 Junie 1994 tot 15,5 persent van 1 September 1994 verhoog is, is verder verhoog tot 17,0 persent met ingang van 1 November 1994 en tot 17,25 persent vanaf 1 Desember 1994. Op 1 Januarie 1995 is dit weer tot 17,0 persent verminder, voordat dit op 1 Februarie 1995 weer tot 17,25 persent verhoog is. Die maksimum toelaatbare koerse op finansieringskoste, soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel is, is met ingang van 11 November 1994 van 23 tot 25 persent verhoog in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 26 tot 28 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000.

Geldmarktoestande

Die betreklike stram geldmarktoestande wat gedurende die eerste ses maande van 1994 bestaan het, het in die derde kwartaal aansienlik verruim voordat die geldmark in die vierde kwartaal weer strammer geword het. Dit word duidelik deur die akkommodasie soos op maandeindes weerspieël, wat van R6,5 miljard aan die einde van Junie 1994 tot R3,9 miljard aan die einde van September gedaal het; dit het daarna weer tot R5,1 miljard aan die einde van Desember gestyg. Die vernouing in geldmarktoestande gedurende die vierde kwartaal van 1994 kon toegeskryf word aan 'n styging in note en munte in omloop buite die Reserwebank en die likwiditeit-opruimende invloed van die Bank se transaksie in goud en buitelandse valuta.

Hoewel geldmarktoestande gedurende Januarie 1995 ietwat verruim het, het die geldmarktekort aan die einde van die maand verder tot R5,3 miljard gestyg. Hierdie strammer toestande teen die einde van die maand was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank wat 'n afname in note en munte in omloop buite die Reserwebank en 'n styging in die Bank se netto buitelandse bates meer as voldoende

Akkommodasie by diskontovenster



teengewerk het. Gedurende die eerste twee weke van Februarie het hierdie tekort tot R2,6 miljard gekrimp vanweë 'n skerp toename in die netto buitelandse bates van die Reserwebank.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende die vierde kwartaal van 1994 en in Januarie 1995 was betreklik neutraal en die Bank het oor die algemeen toegelaat dat die geldmarktekort die onderliggende vraag en aanbodtoestande weerspieël. Sekere optredes, soos die aankoop van bates vir die portefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die aflossing van die spesiale skatkiswissels wat in Augustus 1994 uitgereik is, het by tye 'n verruimende uitwerking op geldmarktoestande gehad. Hierdie optredes is egter deur die Reserwebank se bestuur van die Belasting- en Leningsrekening teengewerk.

Teen die einde van Januarie en die begin van Februarie 1995 het die Reserwebank begin met optredes om oormatige skerp dalings in die geldmarktekort te verhoed. Hierdie optredes het 'n toename van R1 150 miljoen in regeringsdeposito's by die Bank gedurende die eerste twee weke van Februarie ingesluit. As deel van die strenger monetêre beleidsbenadering het die Bank hom gereed gemaak om likwiditeit op te ruïn deur die minimum kontantreserwevereiste van die banke met ingang van 21 Maart 1995 van 1 tot 2 persent van hul totale verpligtinge te verhoog.

Effektemark

Netto nuwe lenings deur die openbare sektor in die primêre effektemark het aansienlik teruggesak van R7,2

miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot R4,1 miljard in die derde kwartaal, en daarna tot R7,8 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Dit het die nuwe uitgifte van effekte van die openbare sektor in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 op slegs R19,1 miljard te staan gebring. Hierdie uitgifte het in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar R26,2 miljard beloop. Die regering het in Desember 1994 ook 'n uitgif van effekte ten bedrae van R2,7 miljard in VSA-dollar op die internasionale kapitaalmark gemaak. Dit was die eerste internasionale uitgifte sedert 1991 en verteenwoordig 'n verdere stap in die normalisering van Suid-Afrika se internasionale ekonomiese betrekkinge.

Die private sektor se vraag na fondse wat verkry is deur middel van primêre vaste-rentedraende sekuriteite het in 1994 afgeneem en nuwe uitgifte van sodanige sekuriteite deur genoteerde maatskappye in die private sektor (teen die agtergrond van 'n verstewiging in langtermynrente- en opbrengskoerse) het in die jaar 1994 met ongeveer 82 persent tot R138 miljoen gedaal. 'n Aantal maatskappye het ook kapitaal deur middel van die uitgifte van omskepbare Euro-effekte ten bedrae van \$175 miljoen bekom, wat die vraag naleenbare fondse in die binnelandse kapitaalmark verminder het.

Die bedrywigheid in die sekondêre effektemark het in die eerste drie kwartale van 1994 baie lewendig gebly, maar daarna vanaf Oktober verder skerp afgeneem. Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het toegeneem van 'n reeds hoë vlak van R253,5 miljard in die eerste kwartaal van 1994 tot 'n nuwe rekordvlak van

R294,5 miljard in die derde kwartaal, maar toe skerp afgeneem tot R170,1 miljard in die vierde kwartaal. Teen R968,3 miljard in 1994 was die jaarlikse omset van hierdie effekte bykans 30 persent hoër as in 1993. In Januarie 1995 het die waarde van verhandelde effekte van die openbare sektor verder teruggesak tot R52,4 miljard van 'n maandelikse gemiddelde van R56,7 miljard in die vierde kwartaal van 1994.

Nie-inwoners het in die vierde kwartaal van 1994 netto aankopers van effekte gebly. Hul netto aankope van effekte op die Johannesburgse Effektebeurs het vir 1994 in die geheel R1,1 miljard beloop. In Januarie 1995 is verdere netto aankope deur nie-inwoners ten bedrae van R0,1 miljard gedoen. Hoewel nie-inwoners se deelname in die totale bruto aankope in 1994 op slegs 1,2 persent te staan gekom het, het hulle steeds as 'n belangrike aanwyser vir beleggers in hierdie mark gedien.

Aandelemark


Die vraag na fondse in die primêre aandelemark het in 1994 aansienlik afgeneem ondanks redelik gunstige toestande vir sodanige uitgifte. Die waarde van regte-uitgifte van gewone aandele van maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het van R5,3 miljard in 1993 tot R2,7 miljard in 1994, of met meer as 50 persent afgeneem.

Die bedrywigheid in die sekondêre aandelemark was egter lewendig. Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van 'n kwartaallikse gemiddelde van R10,9 miljard in 1993 tot 'n nuwe kwartaallikse rekordvlak van R20,7 miljard in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem, voordat dit in die vierde kwartaal tot R15,7 miljard afgeneem het. Die totale aandeletransaksies het in 1994 R71,6 miljard beloop, bykans 66 persent meer as die omset in 1993. In Januarie 1995 het die waarde van verhandelde aandele verder gekrimp van 'n maandelikse gemiddeld van R5,2 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R4,5 miljard vanweë die onbestendigheid in die mark en die afwaartse aanpassings in aandelepryse.


Nie-inwoners, wat vanaf die tweede kwartaal van 1994 netto verkopers van aandele geword het, het in die vierde kwartaal verdere netto verkoop van R535 miljoen aangegaan. Vir die jaar in die geheel was hulle egter steeds netto aankopers van aandele ten bedrae van R185 miljoen. In Januarie 1995 het nie-inwoners verdere netto aankope van aandele ten bedrae van R211 miljoen gedoen. Nie-inwoners bly belangrike deelnemers in die effektebeurs en hul bruto aankope van aandele het in 1994 ongeveer 31 persent van die omset van genoteerde aandele beloop.

Gerugsteun deur sterk vertonings in bykans al die aandelekategorieë (met die uitsondering van goudmynaandele), het die maandelikse gemiddelde prys van alle klasse van aandele opwaarts beweeg en in November 'n nuwe rekordhoogtepunt bereik, wat 93 persent bo die onderste draaipunt in Oktober 1992 was. In Desember 1994 en Januarie 1995 het die insinking in aandelepryse

Effektebeurstransaksies



Aandelepryse



Tabel 11. Dividendopbrengskoers, verdiensteopbrengskoers, prys-verdienste-verhouding en rendementsgaping op alle klasse van aandele

	Dividend- opbrengs- koers Percent	Verdienste- opbrengs- koers* Percent	Prys- verdienste- verhouding	Rendements- gaping Punte
1993:				
Des.....	2,53	5,95	16,81	9,81
1994:				
Mrt.....	2,30	5,50	18,18	10,69
Jun	2,14	5,08	19,69	12,32
Sept.....	2,12	5,09	19,65	14,77
Des.....	2,19	5,27	18,97	14,61
1995:				
Jan	2,28	5,48	18,25	14,74

* Uitgesonderd goudmynaandele.

gedurende 1994 skerp gedaal, voordat dit in Januarie 1995 ietwat gestyg het (sien tabel 11). Die prys-verdienste-verhouding het in Augustus 1994 'n hoogtepunt bereik, maar toe in die volgende vyf maande afgeneem. Die betreklike duurheid van Suid-Afrikaanse aandele word ook aangedui deur die skerp toename in die rendementsgaping (die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividendopbrengskoers) op alle klasse van aandele wat van 9,8 persentasiepunte in Desember 1993 tot 14,7 persentasiepunte in Januarie 1995 gestyg het.

Ander finansiële markte

Die omset in die formele *afgeleide mark vir aandeletermynkontrakte* het gedurende 1994 en Januarie 1995 oor die algemeen op 'n hoë vlak gebly. Die aantal aandeletermynkontrakte wat verhandel is, was in 1994 gevvolglik bykans 34 persent hoër as in 1993. Opsies op aandeletermynkontrakte wat in Oktober 1992 begin verhandel het, het ook skerp bly toeneem. Handel in hierdie opsies het in 1994 3,3 miljoen kontrakte beloop; dit was ongeveer een-en-'n-half keer die aantal van 2,1 miljoen kontrakte wat in 1993 verhandel is. In Januarie 1995 het handel in hierdie opsies 0,6 miljoen kontrakte bedra, vergeleke met die maandelikse gemiddelde van 0,3 miljoen kontrakte in 1994.


Verhandeling in 'n nuwe *rentekoerstermynkontrak* met die R150 staatseffek as onderliggende instrument, het op 30 November 1994 begin en in opsies op 9 Desember 1994. In die daaropvolgende twee maande is albei hierdie nuwe instrumente taamlik druk verhandel.

Groei in die *verbandmark* het gedurende die eerste elf maande van 1994 lewendig gebly, met die totale uitstaande bedrag aan verbandvoorskotte van die banke wat van R92,9 miljard in Desember 1993 tot R108,7

in Wallstraat, 'n laer goudprys, die uitkringende uitwerking van die Meksikaanse krisis op opkomende markte, die aardbewing in Japan en voorkomende optredes in afwagting van die moontlike afskaffing van die finansiële rand, tot 'n afwaartse regstelling van 5,8 persent in die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele gelei.

In weerspieëeling van die toename in aandelepryse, het die gemiddelde dividend- en verdienste-opbrengskoerse

Verbandlenings en transaksies in vaste eiendom



miljard in November 1994 toegeneem het. Die waarde van en aantal *transaksies in vaste eiendom* het ook gedurende 1994 toegeneem en die gemiddelde prys van alle eiendomstransaksies in November was 19,4 persent hoër as dié in die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar.


Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en nie-finansiële openbare ondernemings) het R20,7 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 bedra, of was R0,7 miljard bo die vlak van die voorafgaande jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die leningsbehoefte van die openbare sektor gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar op 6,2 persent te staan gekom, wat betekenisvol laer was as die 10,2 persent vir die fiskale jaar 1993/94 in die geheel. Die uitsonderlik hoë leningsbehoefte in die fiskale jaar 1993/94 kon egter hoofsaaklik toegeskryf word aan buitengewone nie-herhalende oordragte van R14,8 miljard. Indien hierdie oordragte buite rekening gelaat word, was die leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1993/94 gelyk aan 6,4 persent van die bruto binnelandse produk, of slegs ietwat hoër as die tekort in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95.

'n Ontleding van die leningsbehoefte van die openbare sektor volgens die *vlak van owerheid* toon dat die Hoofbegroting verantwoordelik was vir ongeveer 96 persent van die totale leningsbehoefte en dat die tekort op hierdie rekening van die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 tot die eerste nege maande van die

Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk




fiskale jaar 1994/95 effens (met R0,3 miljard) toegeneem het. Die leningsbehoefte van die nie-finansiële openbare korporasies en die sentrale owerheidsondernehemings het oor dieselfde tydperk ook van R0,1 miljard tot R0,4 miljard gestyg, terwyl die oorskot van R10 miljoen van die buitebegrotingsinstellings in 'n tekort van R860 miljoen omgeswaai het. In teenstelling met hierdie gebeure, is die leningsbehoefte van die plaaslike owerhede van R310 miljoen tot R220 miljoen verminder en het die oorskot op die inkome-en uitgawerekenings van die provinsiale regerings van R193 miljoen in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 tot R805 miljoen in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 toegeneem.

Skatkisrekening


Die tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing vir die eerste tien maande van die fiskale jaar 1994/95 was min of meer gelyk aan die projeksies van die Begroting van Junie 1994. Die koers van toename van jaar tot jaar in sowel skatkisuitreikings as -ontvangste was oor hierdie tydperk egter heelwat hoër as die koers van toename wat vir die volle fiskale jaar in die Begroting voorsien is.

Die koers van toename van jaar tot jaar in *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (aangepas vir kontantvloeiinge) het in die eerste tien maande van die fiskale jaar 12,5 persent bedra, wat heelwat hoër was as die begrote voorsiening van 10,2 persent vir die jaar in die geheel. Hierdie koers van toename in skatkisuitreikings was egter beduidend laer as die koers van toename van 14,1 persent in die ooreenstemmende tydperk van die

Begrote en werklike staatsinkomste



Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



vorige fiskale jaar en die gemiddelde koers van toename van 16,6 persent in die eerste tien maande van die voorafgaande vyf fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het skatkisuitreikings in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 ook op 'n vlak van ongeveer 30% persent van die nominale bruto binnelandse produk gebly. Hierdie syfers het sekere beplande staatsbesteding aan die heropbou- en ontwikkelingsprogramme ingesluit. Teen die einde van Januarie 1995 was daar egter nog geen eise teen die Heropbou- en Ontwikkelingsfonds ingestel nie; hierdie eise sal waarskynlik in die laaste twee maande van die fiskale jaar plaasvind.

Skatkisontvangste (aangepas na 'n kontantvloeigrondslag en vir kapitaalwinste¹) was in die eerste tien maande van 1994/95 16,8 persent bo die vlak van die eerste tien maande in die voorafgaande jaar; die toename in staatsinkomste is teen 12,9 persent vir die jaar in die geheel begroot. In die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar het staatsinkomste met 17,4 persent gestyg, terwyl die gemiddelde koers van toename oor hierdie tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare 14,0 persent beloop het. Die buitengewoon goeie prestasie van skatkisontvangste in die fiskale jaar 1993/94 kon hoofsaaklik aan 'n aansienlike styging in die koers van belasting op toegevoegde waarde toegeskryf word.

¹ Skatkisontvangste is aangepas vir kapitaalwinste wat ontstaan het uit die konsolidasie van staatseffekte, wat nie 'n werklike kontantvloeiing of normale inkome verteenwoordig het nie.

Hoewel die toename in skatkisontvangste in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1994/95 aansienlik laer was as in die voorafgaande jaar, was dit nog betreklik hoog en het dit die begrote ramings oorskry. Soos in tabel 12 aangetoon word, kon die hoér-as-begrote koers van toename in staatsinkomste aan die skerp toename in binnelandse inkomste sowel as in die ontvangste vanaf doeane en aksyns toegeskryf word. Vanweë 'n beter-as-verwagte toename in persoonlike inkomste, het binnelandse inkomste beter vertoon as wat in die Begroting voorsien is. Die hoér-as-begrote koers van toename in die inkomste van doeane- en aksynsregte is deur 'n wesenlike toename in die waarde van goedere-invoer veroorsaak.

Ondanks die instelling van 'n tydelike oorgangsheffing op persone en maatskappye, het die totale belastingglas geen beduidende verandering getoon nie. Nadat skatkisontvangste as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk skerp toegeneem het van die lae draapunt van 23,5 persent in die fiskale jaar 1992/93 tot 24,4 persent in die fiskale jaar 1993/94, het dit in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95 24,3 persent bedra.

Die netto resultaat van die hoér-as-begrote ontvangste en uitgawes in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1994/95 was 'n tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflassing van R17,8 miljard. Hierdie bedrag was gelyk aan 60,4 persent van die begrote tekort vir die jaar in die geheel, wat aansienlik minder was as die 74,2 persent in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar en die gemiddelde verhouding van 64,2 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare. Ongeag die verwagte versnelling in staatsuitgawes aan die einde van die jaar, lyk dit redelik seker dat die tekort vir die fiskale jaar in die geheel die begrote tekort nie noemenswaardig sal oorskry nie en dat dit selfs laer kan wees as wat verwag word.

Inligting oor die *finansiering* van die tekort volgens *tipe lener* wat slegs vir die eerste nege maande van die fiskale

Tabel 12. Persentasietoename in skatkisontvangste

	Begrote toename vir die fiskale jaar 1994/95	Werklike toename in die eerste nege maande van 1994/95
Doeane- en aksynsregte.....	2,6	7,3
Binnelandse inkomste.....	14,8	17,5
Inkomstebelasting	16,5	20,0
Belasting op toegevoegde waarde.....	15,3	15,8
Totale ontvangste.....	12,9	16,3

Tabel 13. Finansiering van die skatkistekort vir die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/4 volgens tipe lener


	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris.....	13 707
Nie-monetêre private sektor	16 085
Monetêre instellings.....	-5 722
Korporasie vir Openbare Deposito's.....	-2 383
Ander monetêre instellings	-3 339
Buitelandse sektor	4 709
Buitengewone ontvangste	29
Totale bruto finansiering.....	28 808
Min: Diskonto op nuwe uitgifte van staats- effekte.....	9 615
Plus: Premie op konsolidasie	1 170
Totale netto finansiering	20 363

jaar 1994/95 beskikbaar is (sien tabel 13), toon duidelik dat die tekort hoofsaaklik gefinansier is deur fondse wat van die Openbare Beleggingskommissaris en die nie-monetêre private sektor verkry is, terwyl die monetêre instellings se netto eise teen die regering skerp afgeneem het. Skatkiswissels ten bedrae van R1,7 miljard is gedurende die derde kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 aan buitelanders verkoop, terwyl die regering se effekte-uitgifte op die wêreldmark in Desember 1994 R2,7 miljard tot die finansiering van die tekort bygedra het.

Die uitreiking van binnelandse langtermynstaatseffekte was egter steeds die vernamste leningsinstrument wat gebruik is in die finansiering van die tekort. Aangesien die staatseffekte uitgereik is teen 'n koeponkoers wat aansienlik laer was as die heersende markrentekoers, het die diskonto op staatseffekte (gekapitaliseerde rente) gestyg van 6,5 persent van die netto toename in staatseffekte in die fiskale jaar 1993/94 tot 31,1 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1994/95. As gevolg hiervan het die diskonto op die uitreiking van staatseffekte ook 'n groot bydrae gemaak tot die toename in staatskuld gedurende die fiskale jaar 1994/95.

In 'n poging om 'n toename in die druk van die hoë rentekoste van die skuld op die owerheid se finansies te vermy en om tegelykertyd aan institutionele beleggers se voorkeur vir 'n kapitaalmarkinstrument met geldmarkeenskappe te voldoen, is 'n nuwe effek met 'n wisselende koers gedurende Oktober 1994 bekend gestel. Hierdie effek het 'n looptyd van vier jaar en 'n koeponkoers wat kwartaalliks afgelei word van die heersende skatkiswisseltenderkoers deur die byvoeging van 'n premie. Hierdie effek was baie gewild by die beleggers en 'n bedrag van R5,2 miljard is in die vierde kwartaal van 1994 deur hierdie instrument verkry. Hoewel hierdie effek uitgereik is met die doel om in die behoeftes van

Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



institusionele beleggers te voorsien, het die Openbare Beleggingskommissaris en die monetêre sektor R3,6 miljard, of sowat 70 persent van die totale uitreiking in hierdie tydperk opgeneem.

Die leningsbehoefte van die Skatkis voor skuldaflossing plus die groot diskonto op die uitreiking van nuwe staatseffekte het geleid tot 'n toename in *staatskuld* van R192,1 miljard aan die einde van die fiskale jaar 1993/94 tot R239,9 miljard aan die einde van Desember 1994. 'n Aansienlike deel van hierdie toename (R14,2 miljard) kon aan die oordrag van skuld vanaf die voormalige TBVC-lande en selfregerende state na die Suid-Afrikaanse nasionale regering toegeskryf word. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die totale staatskuld skerp toegeneem van 37,2 persent aan die einde van die fiskale jaar 1990/91 tot 48,7 persent aan die einde van die fiskale jaar 1993/94 en verder tot 55,4 persent aan die einde van Desember 1994. Dit is 'n duidelike waarskuwingsteken dat die huidige groot tekorte op die Skatkisrekening nie gehandhaaf sal kan word nie en so gou moontlik verminder moet word.

Monetêre beleid in 1995

Verklaring deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

20 Februarie 1995

Deel I: Samevatting van monetêre beleidsmaatreëls

Die Reserwebank ag dit noodsaaklik dat 'n meer beperkende monetêre beleid nou ingestel word ten einde te voorkom dat inflasie in die toekoms verder sal toeneem. Deur voorkomende maatreëls nou in werking te stel, sal die bemoedigende huidige ekonomiese uitbreiding ondersteun word en hopelik oor 'n langer termyn kan voortduur.

Die Bank het derhalwe besluit om die volgende veranderings aan die bestaande monetêre beleidsmaatreëls aan te bring:

1. Riglyne vir 'n aanvaarbare groeikoers in die M3-geldvoorraad vanaf die vierde kwartaal van 1994 tot die vierde kwartaal van 1995 is binne die perke van 6 tot 10 persent neergelê. Dit vergelyk met perke van 6 tot 9 persent wat vir 1994 gestel is en die werklike toename van 14,6 persent in 1994.

2. Die Bankkoers, dit wil sê die koers waarteen die Reserwebank akkommodasie aan bankinstellings verleen teen die onderpand van Skatkiswissels, staatseffekte en Landbankwissels, almal met 'n onverstreke looptyd van minder as 92 dae, word vanaf 21 Februarie 1995 van 13 tot 14 persent per jaar verhoog. Die koers van oornaglenings wat teen die onderpand van dieselfde finansiële bates met onverstreke looptye van 92 dae en langer, maar korter as 3 jaar, toegestaan word, sal vanaf 14 tot 15 persent per jaar verhoog word.

3. Banke word in hierdie stadium verplig om 'n basiese minimum kontantreserwe van 1 persent van hul totale verpligtings, minus kapitaal en reserves, op deposito by die Reserwebank en/of in die vorm van Suid-Afrikaanse munte en banknote te hou, plus 'n addisionele rentedraende reserwedeposito by die Reserwebank gelykstaande aan 1 persent van hul korttermynverpligtigs. Soos vanaf 21 Maart 1995 sal die basiese minimum reserwevereiste verhoog word vanaf 1 persent tot 2 persent van die gedefinieerde totale verpligtigs van elke bankinstelling. Die addisionele rentedraende reserwedeposito van 1 persent van korttermynverpligtigs word behou.

4. Elke bankinstelling sal voorsien word van kwantitatiewe riglyne vir die maksimum bedrag van krediet wat hy aan die private sektor gedurende die res van hierdie jaar behoort toe te staan ten einde uitvoering te gee aan die monetêre beleidsdoelwitte van die owerhede. Hierdie riglyne is nie verpligtend nie en 'n beroep word op elke bankinstelling gedoen om sy volle ondersteuning te

verleen in die poging om inflasie in toom te hou.

'n Gedetailleerde motivering vir hierdie besluite word as Deel II van hierdie Verklaring aangeheg.

Deel II: Motivering vir monetêre beleidsmaatreëls

1. Finansiële ontwikkelings in 1994

Teen die agtergrond van die belangrike sosio-ekonomiese veranderings wat verlede jaar ingestel is, die invloed van onsekerhede voor die verkiesing en die geweld en nywerheidsoptrede ná die verkiesing op die ekonomie, en die huiwerige herstel in die algehele binnelandse ekonomiese toestand, het die Reserwebank in 1994 'n matig ekspanzionistiese monetêre beleid gevvolg.

Hoewel dit met die verloop van die jaar duidelik geword het dat die werklike groei in die geldvoorraad die riglyne van 6 tot 9 persent wat aan die begin van die jaar as 'n aanvaarbare groeikoers in die breedgedefinieerde geldvoorraad (M3) beskou is sou oorskry, het die Bank se optrede in die finansiële markte betreklik neutraal gebly. Slegs teen die einde van September 1994 het die Bank vir die eerste keer sy hand gewys deur die Bankkoers van 12 tot 13 persent te verhoog.

Die gevolg van hierdie redelik matige monetêre beleid was dat die twee finansiële groothede wat deur die Bank as belangrike aanwysers van moontlike toekomstige inflasieneigings beskou word, betreklik vinnig uitgebred het:

* oor die tydperk van twaalf maande van Desember 1993 tot Desember 1994 het die M3-geldvoorraad met 16 persent toegeneem. Die gemiddelde bedrag van die geldvoorraad in die vierde kwartaal van 1994 (die riglynteikenperiode) het die gemiddelde bedrag van M3 in die vierde kwartaal van 1993 met 14,6 persent oorskry;

* oor die tydperk van twaalf maande van November 1993 tot November 1994 (die jongste beskikbare inligting) het die totale bedrag bankkredietverlening aan alle binnelandse leners in Suid-Afrika, dit wil sê die regering en die private sektor, met 20,9 persent toegeneem. Die totale eise van alle monetêre instellings teen die private sektor het oor dieselfde tydperk met 16,9 persent gestyg.

Dit is duidelik dat finansiële bestendigheid nie gehandhaaf sal kan word nie en dat inflasie maklik sal kan versnel indien die groeikoerse in die geldvoorraad en in die banke se kredietverlening nie gestuit word nie.

As 'n weerspieëeling van die toenemende vraag na krediet, het markverwante rentekoerse in Suid-Afrika redelik skerp oor die jaar gestyg:

- * die tenderkoers op Skatkiswissels van drie maande het van 10,2 persent in Desember 1993 tot 12,7 persent in Desember 1994 gestyg;
- * die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het van 10,4 tot 12,8 persent oor die jaar gestyg; en
- * die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 12,3 persent aan die einde van 1993 tot 16,8 persent aan die einde van 1994 toegeneem.

Markverwante rentekoerse het dus baie vinniger gestyg as die Bankkoers en daardie koerse wat tradisioneel aan die Bankkoers gekoppel is, soos die primakoers op oortrekings van bankinstellings en die verbandkoers vir huislenings wat eers met een persentasiepunt verhoog is nadat die Bankkoers van 12 tot 13 persent op 26 September 1994 verhoog is.

Belangrike veranderings in die betalingsbalans gedurende 1994 het ook die finansiële ontwikkelings en die monetêre beleidsbenadering van die owerhede beïnvloed:

- * 'n Klein oorskot van R412 miljoen op die lopende rekening in die eerste helfte van die jaar het na 'n tekort van R2,5 miljard in die tweede helfte omgeswaai;
- * 'n netto kapitaaluitvloeiing van R3,6 miljard in die eerste helfte van die jaar het in 'n netto invloeiing van nie minder nie as R8,8 miljard in die tweede helfte van die jaar verander. Vir die jaar in die geheel het Suid-Afrika dus 'n netto kapitaalinvloeiing van R5,2 miljard gehad – die eerste jaar sedert 1984 waarin 'n netto kapitaalinvloeiing aangeteken is;
- * die land se totale netto goud- en ander buitelandse reserwes het met R3,2 miljard van die einde van Desember 1993 tot die einde van Junie 1994 afgeneem, maar daarna met R6,4 miljard oor die laaste ses maande van die jaar toegeneem;
- * die geweegde gemiddelde nominale waarde van die rand het van 31 Desember 1993 tot 13 Julie 1994 met 12,1 persent gedepresieer, maar het toe met ongeveer 4 persent tot 31 Desember 1994 geappresieer.

Hierdie neigings op die betalingsbalans, wat die voordeelige gevolge van Suid-Afrika se nuwe posisie in die wêreldekonomie weerspieël, het die Reserwebank verlede jaar die geleenthed gebied om 'n ruimer monetêre beleid te volg.

2. 'n Meer beperkende benadering vir 1995 benodig

Agterna beskou kon die monetêre beleid in 1994 te ruim gewees het. Die bankkredietverlening en die geldvoorraad kan nie toegelaat word om teen dieselfde

betreklik hoë groeikoerse van verlede jaar uit te brei nie, en die groeikoerse sal tot binne meer aanvaarbare grense ingekort moet word.

Dit is nie korrek om verlede jaar se stygings in die produksie- en verbruikerspryse té regstreeks met die monetêre beleid van 1994 in verband te bring nie – daar is normaalweg tydsloerings van meer as 12 maande betrokke by veranderings in die onderliggende monetêre toestande en in prys. Ander faktore soos die depresiasi van die rand teen die einde van 1993 en vroeg in 1994 en die nadelige weerstoestande wat voedselprysbeïnvloed het, kan vir die grootste gedeelte van verlede jaar se prysstygings geblameer word.

Desondanks het die koers van verandering in die verbruikersprysindeks gemeet oor twaalf maande 'n laagtepunt van 7,1 persent in April 1994 bereik en daarna tot 9,9 persent in Desember 1994 toegeneem. Die koers van toename in produksiepryse het reeds omgekeer van 5,4 persent in Oktober 1993 en 'n vlak van 9,7 persent in Desember 1994 bereik. Dit sal 'n groot fout wees om hierdie neigings te akkommodeer deur meer geld te skep wat in die huidige omstandighede maklik tot die permanente vestiging van inflasie op 'n hoërvlak aanleiding kan gee.

Die ekonomiese herstel, wat in die eerste helfte van 1993 begin het, was betreklik broos in die eerste twee kwartale van 1994. Die beskikbare nasionalerekeningeggewens toon egter dat die ekonomiese oplewing in die tweede helfte van verlede jaar aansienlike stukrag ontwikkel het. Die reële bruto binnelandse produk het in die vierde kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 6 persent uitgebrei, terwyl die totale reële bruto binnelandse besteding teen 'n koers van ongeveer 8 persent toegeneem het.

Hierdie neigings het hul uitwerking op die betalingsbalans gehad met die invoer wat taamlik skerp gestyg het om 'n tekort op die lopende rekening teen 'n jaarkoers van R7 miljard in die vierde kwartaal te laat ontstaan. 'n Groot netto kapitaalinvloeiing was meer as voldoende om die tekort op die lopende rekening uit te skakel, maar die omvang van die lopende tekort maan tot versigtigheid.

Ten einde die verdere opbouing van inflasiedruk te verhoed, en om die betalingsbalans te beskerm teen die ontstaan van 'n onhoudbare toestand – albei is nadelig vir die handhawing van ekonomiese groei – is dit gepas om die monetêre beleid nou in ooreenstemming te bring met die langtermyndoelwitte van 'n bestendige algehele finansiële omgewing. Dit is inderdaad 'n voorvereiste vir die behoud van voortgesette ekonomiese uitbreiding in die lang termyn.

Daar is een verdere rede waarom dit in hierdie stadium nodig geword het om 'n strenger monetêre beleid toe te pas. Die doelstelling van 'n effense verslapping in valutabeheer, veral in die valutabeheer wat op nie-inwoners van toepassing is, vereis waaksamheid en 'n finansiële omgewing wat verdere kapitaalinvloeiinge sal

ondersteun. Dit sal selfs meer riskant wees om valutabeheer in 'n omgewing van oormatige likwiditeit, onrealistiese lae rentekoerse en stygende inflasie te verslap. Onlangse verhogings in rentekoerse in sommige van die belangrike nywerheidslande, soos byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk, het opwaartse druk op Suid-Afrikaanse rentekoerse uitgeoefen ten spyte van die kunsmatige beskerming wat steeds deur die bestaande valutabeheer verleen is.

3. Geldvoorraadriglyne vir 1995

Geldvoorraadriglyne dien nie as onbuigsame reëls vir monetêre beleid in Suid-Afrika nie. Hulle verskaf egter 'n rigsnoer vir besluite rakende monetêre beleid en dien as belangrike aanwysers vir die algemene publiek oor wat van monetêre beleid verwag kan word.

Die Reserwebank het dit nie verlede jaar gerade geag om die geldvoorraad te dwing om binne die riglyne van 6 tot 9 persent vir groei in M3, soos wat aan die begin van die jaar aangekondig is, te bly nie. Werklike groei in M3 het die boonste perk van die riglyne met 'n aansienlike marge oorskry. Oor die afgelope drie jaar, dit wil sê met inbegrip van 1992 tot 1994, het die M3-geldvoorraad egter teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 9,2 persent toegeneem, terwyl die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers soos gemeet deur die bruto binnelandse produk deflator oor die tydperk 11,3 persent bedra het. Die gemiddelde groeikoers in die reële bruto binnelandse produk oor die drie jaar was slegs 0,4 persent, met die gevolg dat die koers van toename in die geldvoorraad laer was as die groei in die totale nominale waarde van die bruto binnelandse produk.

Dit was egter nie in 1994 die geval nie, toe die koers van toename in die geldvoorraad die inflasiekoers en die groeikoers in die nominale bruto binnelandse produk oorskry het. Hierdie situasie sal, indien dit regdeur 1995 voortduur, tot 'n toename in inflasiedruk in die ekonomie lei. Dit is dus noodsaaklik dat die groei in die geldvoorraad nou onmiddellik tot 'n mate aan bande gelê word.

Met inagneming van die algehele toestand het die Reserwebank dus besluit om riglyne vir 'n aanvaarbare groeikoers in die M3-geldvoorraad vanaf die vierde kwartaal van 1994 tot die vierde kwartaal van 1995 op 6 tot 10 persent te stel, vergeleke met die 6 tot 9 persent vir die vorige jaar. Die hoér boonste perk van 10 persent neem die potensiële hoér reële groei in bruto binnelandse produk (hopelik meer as 3 persent) in ag, en die onveranderde onderste perk van 6 persent weerspieël die Bank se voorname dat Suid-Afrika sy inflasiekoers oor die langer termyn sal moet afbring tot 'n vlak wat meer in ooreenstemming is met die vlak van die gemiddelde inflasiekoers in die lande met wie Suid-Afrika handel dryf en in die internasionale omgewing meeding. As vertrekpunt moet inflasie ten minste tot onder 10 persent beperk word. Selfs dit sal nie 'n maklike taak in 1995 wees nie.

4. Rentekoersbeleid

Die stygende neiging van markrentekoerse oor die afgelope jaar en die onlangse verdere versnelling van korttermynkoerse in die besonder, het gedeeltelik die onderliggende neigings in die mark weerspieël en gedeeltelik ook die verwagtinge dat die monetêre owerhede in 1995 'n meer beperkende monetêre beleid sal volg.

Die Bankkoers van die Reserwebank kom nou onder geweldige druk van hierdie markneigings. Op Vrydag 17 Februarie 1995 is 'n koers van 13,01 persent vir Skatkiswissels tydens die weeklikse tender vasgestel – 'n duidelike aanduiding dat, volgens die mark se mening, die Bankkoers teen 13 persent nou te laag is.

Bankkrediet aan die private sektor toegestaan bly die belangrikse statistiese "oorsaak" vir die toenames in die geldvoorraad. Die vraag na bankkrediet is betreklik gevoelig vir rentekoersveranderings, in die besonder oor die langer termyn. Die rentekoersbeleid van die Reserwebank, soos toegepas deur veranderings in die Bankkoers, bly gevvolglik een van die belangrikste operasionele instrumente wat gebruik word om die geldvooraadmikpunte te bereik. 'n Onrealistiese lae Bankkoers sal "goedkoop" geld tot die beskikking van bankinstellings by die diskontovenster stel, en sal hul aanmoedig om 'n nog meer aggressiewe bemarkingsbeleid vir die toestaan van meer krediet te volg, dit is om meer geld te skep.

Bankinstellings het nie in onlangse maande van oormatige akkommodasie van die Reserwebank gebruik gemaak nie. Die bedrag van die geldmarktekort het egter toegeneem van R3,9 miljard aan die einde van September tot R5,1 miljard aan die einde van Desember 1994, en tot R5,3 miljard aan die einde van Januarie 1995. Gedurende onlangse maande is geldmarklikwiditeit egter aangevul deur 'n voortdurende betreklik groot netto buitelandse kapitaalinvloeiing, en was die grootte van die geldmarktekort nie 'n getroue weerspieëling van die sterke van die binnelandse vraag na krediet nie.

In hierdie omstandighede, en as ondersteuning van die geldvooraadmikpunte vir 1995, het die Reserwebank besluit om sy Bankkoers, dit is die koers waarteen die Bank bereid is om oornaglenings aan bankinstellings toe te staan, vanaf 21 Februarie 1995 met een persentasiepunt van 13 tot 14 persent per jaar te verhoog.

Oornaglenings teen Bankkoers word slegs aan bankinstellings toegestaan teen die onderpand van Skatkiswissels, staatseffekte en Landbankwissels met 'n looptyd van minder as 92 dae. Om sy rol as lener in laaste instansie te vervul, staan die Reserwebank ook oornaglenings toe teen die onderpand van dieselfde finansiële bates met 'n looptyd van 92 dae en langer maar minder as drie jaar, maar slegs teen 'n strafkoers. Tot nou is die strafkoers vasgestel op een persentasiepunt bo die Bankkoers. Vanaf 21 Februarie 1995 sal die marge tot 1 persentasiepunt verbreed word, en sal Reserwebankakkommodasie in die tweede kategorie teen 'n koers van 15 persent toegestaan word.

Hierdie aanpassings bring Reserwebankkoerse meer in lyn met markverwante rentekoerse en is 'n duidelike teken van die monetêre owerhede se vasbeslotenheid om groeikoerse van die monetêre groothede terug te bring na 'n vlak wat meer in ooreenstemming is met die owerhede se mikpunt om inflasie in Suid-Afrika geleidelik tot 'n meer aanvaarbare vlak te verlaag.

5. Bestuur van algehele likwiditeit

Ofskoon die tempo van toename in die geldvoorraad in 'n groot mate deur die vraag na bankkrediet gedryf word, beïnvloed ander faktore ook die vlak van geld in omloop. Een sodanige faktor, wat in hierdie stadium in belang-rikheid toeneem, is die netto kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland. Soos reeds aangedui, het dié netto invloeiinge in die laaste maande die tekorte op die lopende rekening oorskry en 'n welkomme toename in die buitelandse reserwes van die Reserwebank tot gevolg gehad.

Die huidige toestand bied interessante uitdagings ten opsigte van die bestuur van algehele likwiditeit en die geldvoorraad in Suid-Afrika. Daar bestaan 'n nypende behoefte dat die Reserwebank sy buitelandse reserwes tot 'n aanvaarbaarder vlak moet verhoog. Die huidige bedrag van ongeveer R11,3 miljard aan buitelandse reserwes deur die Bank gehou, is skaars genoeg om ses weke se invoere te dek en behoort tot 'n vlak van ten minste drie maande se invoere verhoog te word. Die Bank maak derhalwe van elke moontlike geleentheid gebruik om surplus buitelandse valuta vanaf die valutamark te verkry ten einde sy reserwes aan te vul.

Binne die raamwerk van die bestaande valutabeheermaatreëls op kapitaaluitvloeiinge kan 'n oormatige invloeiing van buitelandse kapitaal moontlik druk ten opsigte van 'n waardestyging in die wisselkoers van die rand in die valutamark uitoefen, ten minste voordat valutabeheermaatreëls verslap word. Ten einde sodanige druk te verlig, moet die Reserwebank dus gereeld in die valutamark ingryp om die surplus valuta te absorbeer, en om 'n styging in die rand, wat op dié tydstip verder tot 'n erosie van Suid-Afrika se mededingende posisie in die internasionale markte sal bydra, te verhoed.

Oor die langer termyn kan Suid-Afrika sy mededingendheid slegs verbeter deur multifaktor-produktiwiteit te verhoog en die vergoeding gevra deur verskillende produksiefaktore in toom te hou. Dit is 'n illusie om te glo dat 'n land meer mededingend gemaak kan word bloot deur sy geldeenheid te devalueer. Oor die kort termyn, en terwyl sekere valutabeheerverslappings nog hangende is, sal die Reserwebank egter aanhou om in die valutamark in te meng ten einde in hierdie stadium 'n waardestyging in die rand te verhoed.

Ingryping op dié wyse in die valutamark deur die Reserwebank skep egter prima-likwiditeit en, indien dit nie teengewerp of "gesteriliseer" word nie, verhoog dit die vermoë van bankinstellings om meer krediet aan hul

kliënte te voorsien. Oor die afgelope sewe maande het die Reserwebank se netto buitelandse reserwes met R6,2 miljard toegeneem, wat tot gevolg gehad het dat 'n soortgelyke bedrag aan likwiditeit deur die sentrale bank geskep is. Dié botsing van doelwitte, dit wil sê aan die een kant om die buitelandse reserwes van die Reserwebank te verhoog en om 'n waardestyging van die wisselkoers van die rand te verhoed, en aan die ander kant om die geldvoorraad in toom te hou, vereis die aktivering van meer operasionele instrumente van monetêre beleid as slegs die Bankkoers.

Variasies in die minimum reserwes wat bankinstellings by die Reserwebank in stand moet hou, word 'n nuttige instrument in dié omstandighede. Daar dien op gelet te word dat kragtens die Wet op die Reserwebank, minimum reserwes vir bankinstellings vereis kan word ten opsigte van hul totale verpligtings en/of ten opsigte van enige gedeelte van die totale verpligtings, byvoorbeeld die korttermynverpligtings, en/of ten opsigte van enige verhoging vanaf 'n sekere datum aan óf die totaal óf 'n gedefinieerde onderafdeling van die totale verpligtings.

In dié stadium is bankinstellings verplig om die volgende by die Reserwebank in stand te hou:

* 'n basiese minimum reserwesaldo gelyk aan 1 persent van hul totale verpligtinge min kapitaal en reserwes. Banke mag Suid-Afrikaanse munte en banknote in hul besit vir doeleindes van die instandhouding van die minimum saldo's insluit; en

* 'n bykomende reserwesaldo gelyk aan 1 persent van hul totale korttermynverpligtings, soos aangepas. Die Reserwebank betaal rente gelykstaande aan 'n koers van persent onder die huidige skatkiswissel-tenderkoers op dié reserwesaldo's.

Daar is nou besluit om die basiese minimum reserwesaldo wat van bankinstellings vereis word, te verhoog van 1 persent van totale verpligtings min kapitaal en reserwes tot 2 persent van die totale verpligtings min kapitaal en reserwes van elke individuele bankinstelling. Geen rente sal op dié totale basiese minimum reserwevereiste betaal word nie en, soos voorheen toegelaat, sal banke steeds toegelaat word om Suid-Afrikaanse munte en banknote in hul besit in dié minimum saldo's in te sluit. Die rentedraende reserwedeposito van 1 persent van korttermynverpligtings word behou.

Die bykomende 1 persent vereiste sal in werking tree met ingang van die datum van sertifisering van die banke se maandelikse state van Vorm DI 310, wat voor of op 21 Maart 1995 by die Registrateur van Banke ingedien moet word. Gegrond op die beskikbare statistiek ten opsigte van November 1994 sal dié vereiste 'n bedrag van nie meer as R3 miljard nie van die likwiditeit van die banke "bevries" (wat deur die toelaatbare bedrag aan kontantkluis wat kragtens die bestaande reëlings ingesluit kan word, verminder sal word).

6. Uitbreiding van krediet aan die private sektor deur bankinstellings

Die verhoging in die Bankkoers is daarop gemik om die vraag na krediet by bankinstellings te verminder. Die verhoging in die minimum reserwevereiste is daarop gemik om die beskikbare likwiditeit in die bankstelsel vir die finansiering van lenings aan die private sektor te beperk. Die effek van hierdie maatreëls behoort 'n afname in die koers van toename in die geldvoorraad tot gevolg te hê.

Die Reserwebank bly afkerig van direkte beheer op die omvang van bankkrediet wat deur bankinstellings toegestaan mag word. Sodanige beheer frustreer die werking van die marksisteem, en lei tot verwringings wat die maksimum groeipotensiaal van die ekonomie sal belemmer. Uiteindelik sal dit 'n swakker banksisteem tot gevolg hê.

Dit is nietemin belangrik vir die Bank om toekomstige ontwikkelings in die omvang van krediet wat deur elke bankinstelling toegestaan word, baie noukeurig te moniter. Om die doelwit fe bereik dat die toename in die geldvoorraad in 1995 nie meer as 10 persent sal beloop nie, moet die omvang van die uitbreiding in die totale bankkrediet in 1995 ook nie veel meer as 10 persent wees nie. Die Bank het gevvolglik vir elke bankinstelling 'n vlak van sy totale eise teenoor die private sektor soos aan die einde van elk van die vier kalenderkwartale van 1995 bereken wat nie oorskry behoort te word nie. Hierdie riglyne sal binne die volgende paar dae aan elke bankinstelling gestuur word.

Bankinstellings word versoek om met die owerhede saam te werk en om hul eie bedrywighede in ooreenstemming met die voorsiene riglyne en ter ondersteuning van die oorhoofse monetêre beleidsdoelwitte te bestuur. Hoe meer daar met sulke samewerking bereik kan word, hoe minder pynlik sal verdere beperkende makrobeleidsmaatreëls wees wat benodig mag word om die doelwitte te bereik.

7. Slotopmerkings

Die stryd teen inflasie in Suid-Afrika is nie net tot monetêre beleid alleen beperk nie. Daar is verskeie ander inflasionistiese kragte in werking wat maklik die pogings van die Reserwebank kan fnuik om inflasie aan bande te lê. Die Bank benodig gevvolglik die ondersteuning van die fiskale owerhede, die sakegemeenskap, die vakbonde en inderwaarheid elke landsburger om hierdie kankeragtige ekonomiese siekte te bestry.

Die doelwitte van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram sal in 'n omgewing van hoë inflasie gefrustreer word en nie haalbaar wees nie. Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram het die Reserwebank gevvolglik met die verantwoordelikheid belas om inflasie te bestry:

"Die vernaamste funksies van die Reserwebank is om die waarde van die geldeenheid te beskerm, om inflasie relatief laag te hou en om die veiligheid en soliditeit van

die finansiële stelsel te verseker".

Die monetêre beleidsmaatreëls wat vandag bekend gemaak is, is daarop gemik om aan hierdie opdrag uitvoering te gee.

Konjunktuurgolwe in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1986 tot 1993

deur B.E. van der Walt en W.S. Pretorius

Inleiding

In vorige studies¹ is die verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf in Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1986 bepaal. In hierdie artikel word die konjunkturele ontwikkelings gedurende die opwaartse fase van 1986 tot 1989 en die afwaartse fase in die daaropvolgende tydperk tot 1993 ondersoek en word die finale verwysingsdraaipunte van die golf vasgestel.

Die volgende afdeling van hierdie artikel beskryf die metodes wat gebruik is om die verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf te bepaal en in die derde afdeling word die statistiese resultate aangebied van die metodes wat toegepas is. In die vierde afdeling word die ekonomiese ontwikkelings in die opwaartse en afwaartse fases sedert 1986 bespreek en die finale verwysingsdraaipunte vasgestel. Vanweë verskeie eksogene invloede op die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tydperk onder bespreking, was die resessie van 1989-1993 besonder lank. In die vyfde afdeling word die jongste resessiefase dus vergelyk met vroeëre afwaartse fases van die konjunktuurgolf, met spesiale verwysing na die Groot Depressie van die dertigerjare.

Metodes wat aangewend is om die verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf te bepaal

Die verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf is bepaal deur gebruikmaking van die saamgestelde leidende en samevallende konjunktuuraanwysers asook omvattende diffusie-indekse. Die identifisering van draaipunte is egter nooit 'n suiwer meganiese oefening nie en ander belangrike ekonomiese gebeure en ontwikkelings wat naby die moontlike draaipunte plaasvind, word ook in oorweging geneem om vas te stel wanneer die draaipunt in werklikheid plaasgevind het. Omvattende historiese en lopende diffusie-indekse² is

¹ In verskeie uitgawes van die *Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gepubliseer.

² 'n Diffusie-indeks kan omskryf word as 'n maatstaf van die mate waarin die toenames in 'n aantal tydreekse op 'n spesifieke datum versprei is. Oor die algemeen word twee soorte diffusie-indekse gebruik, naamlik die historiese en die lopende indekse. In die geval van die historiese indeks word die draaipunte van die sikliese komponent van elke reeks bepaal. Die waarde van die indeks vir 'n bepaalde tydperk word verkry deur die aantal tydreekse wat gedurende daardie tydperk toeneem, uit te druk as persentasie van die totale aantal tydreekse wat in ag geneem is. Benewens die totale aantal tydreekse wat gedurende die betrokke tydperk toeneem, word ook rekening gehou met elke reeks waarvan die sikliese komponent gedurende die betrokke tydperk onveranderd gebly het.

Die lopende diffusie-indeks word bereken sonder om spesifieke draaipunte te bepaal. Dit is 'n saamgestelde aanwyser wat op die werklike verandering in individuele tydreekse gegrond is.

bereken op grond van 267 seisoensaangesuiwerde ekonomiese tydreekse vir die tydperk 1978 tot 1993. Hierdie reekse dek ekonomiese prosesse soos produksie, vraag, werkverskaffing en inkomte in verskillende nywerhede of sektore van die ekonomie. Gewigte is toegepas op die sektorale diffusie-indekse volgens die betrokke sektor se bydrae tot die reële bruto binnelandse produk. Aangesien die jaarlikse bydraes van die sektore tot die bruto binnelandse produk met verloop van tyd verander het, is gemiddelde gewigte vir die subtydperke 1978-1985 en 1986-1993 bereken en toegepas.

Statistiese resultate


Die metodes wat toegepas is, toon duidelik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tydperk 1986 tot 1993 'n opwaartse en 'n afwaartse fase van die konjunktuurgolf ondervind het. Volgens die berekenings het die

Grafiek 1: Saamgestelde konjunktuuraanwysers

Leidende aanwyser



Samevallende aanwyser



Donker area: Afwaartse fase van die konjunktuurgolf.

konjunktuurgolf 'n piek in 1989 bereik en 'n trog in 1993. Die verwysingsdraaipunte van die voorafgaande twee konjunktuurgolwe, met ander woorde dié van 1978-1983 en 1983-1986, is ook in die huidige ontleding bevestig.

Die saamgestelde konjunktuuraanwysers

Die saamgestelde konjunktuuraanwysers is opsommende maatstawwe van belangrike bedrywigheede of prosesse in die ekonomie wat die beweging van en die draaipunte in die konjunktuurgolf weergee. Die saamgestelde samevallende konjunktuuraanwyser het van 1986 toegeneem – ietwat sterker gedurende 1987-1988 – om in April 1989 'n piek te bereik. Soos verwag kon word, het die saamgestelde leidende aanwyser ongeveer 'n jaar vroeër 'n aanduiding van 'n draaipunt gegee. Die saamgestelde leidende aanwyser het gedurende die tydperk 1988-1992 afgeneem en in Januarie 1993 'n onderste draaipunt aangeteken. Gegrond op sy historiese verwantskap oor tyd met die konjunktuurgolf, het hierdie verandering in die aanwyser op 'n verbetering in ekonomiese bedrywigheid vanaf ongeveer die middel van 1993 gewys. Soos in grafiek 1 aangedui is, het die sikliese afwaartse beweging in die saamgestelde samevallende konjunktuuraanwyser van 1989-1990 tot 1991-1992 versnel en in April 1993 'n laagtepunt bereik.

Die historiese diffusie-indeks


Die historiese diffusie-indeks in grafiek 2 toon die verspreiding van veranderings in die ekonomiese bedrywigheid gedurende die afgelope vyftien jaar en dek

die hele golf in die tydperk 1986 tot 1993. Al die maksimum en minimum persentasies in die diffusie-indeks-golf het die verwysingsdraaipunte van die konjunktuurgolf voorafgegaan. Die maandelikse koerse van toename in die ekonomiese bedrywigheid gedurende 1987-1988 het, net soos in die geval van die opwaartse fase in 1983-1984, die langtermyngroeikoers van hierdie bedrywigheede slegs in 65 persent van die uitgesoekte reekse oortref vergeleke met 80 persent in die 1978-1981-fase. Dit weerspieël die redelike swak verspreiding van die opwaartse fase gedurende 1987-1988. Die diffusie-indeks het tot aan die begin van 1989 bokant 50 persent gebly wat 'n boonste draaipunt van die konjunktuurgolf in Maart 1989 aangedui het. Daarna het die ekonomiese bedrywigheid afgeneem en vanaf die tweede kwartaal van 1990 lae vlakke bereik. Die ekonomiese bedrywigheid het tot in die middel van 1992 swak gebly, maar in die tweede helfte van daardie jaar in 'n aantal sektore verbeter. Volgens die diffusie-indeks is 'n onderste draaipunt van die konjunktuurgolf in Mei 1993 bereik.


Die lopende diffusie-indeks

Die toename in ekonomiese bedrywigheid gedurende die opwaartse fase van 1986-1989 word duidelik uitgebeeld


Grafiek 3: Lopende diffusie-indeks



Afwyking vanaf langtermynneiging



Grafiek 2: Historiese diffusie-indeks



deur die versnelde toename in die geakkumuleerde lopende diffusie-index in grafiek 3. Die geakkumuleerde index het van 1989 tot 1991 gelyk verloop namate die bedrywigheid in verskeie sektore afgeneem of op bestaande vlakke gebly het. Die afwyking van die indeks vanaf sy langtermynneiging wys daarop dat die opwaartse fase in Augustus 1989 geëindig het. Ná 'n kortstondige ommekeer van die afname in die heersende koers van verandering in ekonomiese bedrywigheid in die tweede helfte van 1991, het dit van die einde van 1991 tot die eerste helfte van 1993 sterk afgeneem. Die silkliese komponent van die diffusie-index het in Mei 1993 'n onderste draapunt bereik voordat dit in die tweede helfte van 1993 weer toegeneem het.

Ekonomiese ontwikkelings³ en die finale verwysingsdraapunte van die konjunktuurgolf

Die ontwikkeling in die konjunktuurgolf gedurende die tagtigerjare het plaasgevind teen die agtergrond van 'n standhoudende verwering van die groepotensiaal van die ekonomie. Die betreklik matige groei in die ekonomiese bedrywigheid in die opwaartse fase van 1986 tot 1989 en die diepte en duur van die daaropvolgende resessie was nie slegs toe te skryf aan suiwer konjunkturele ontwikkelings nie, maar het ook die strukturele swakhede in die ekonomie oor die lang termyn en die uitwerking van sekere eksogene of nie-ekonomiese faktore weerspieël. Die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk het gedurende die tienjaartydperk 1984-1993 skerp afgeneem tot 'n gemiddelde jaarlikse vlak van 1 persent, vergeleke met 3 persent gedurende die sewentigerjare en 6 persent gedurende die sestigerjare. Die groei in produksie het in vorige resessies van die konjunktuurgolf afgeneem van betreklik hoë na meer gematigde, maar steeds positiewe koerse; in die resessies van die afgelope dekade het die reële produksie egter afgeneem.

Die strukturele struikelblokke in die bereiking van voortgesette ekonomiese groei, is onder andere 'n swakker internasionale ruilvoet, lae arbeidsproduktiwiteit, onmededingende toestande, tekorte aan geskoold mannekrag, verwringings van die relatiewe faktorpryse, die lae binnelandse besparingskoers, die groter aandeel van die openbare sektor in die ekonomie en die gevoglike swaar belastingglas.

Benewens die strukturele verswakking van die Suid-Afrikaanse ekonomie, het sekere eksogene kragte ook

negatief op die potensiële groei in produksie ingewerk. Dit sluit in die skuldstilstand van 1985 en die daaropvolgende uitvloeiing van kapitaal, die gebrek aan vertroue wat met die politieke oorgang saamgeval het, sosiale onrus, die ernstige droogte gedurende die tydperk van 1991 tot 1992, en die ietwat gedempte internasionale ekonomiese toestande.

Opwaartse fase: April 1986 tot Februarie 1989

Die ekonomiese bedrywigheid het in 1986 weifelend herstel as gevolg van 'n ongelyke herstel van die produksie in verskeie sektore van die ekonomie. Dit het gedui op 'n ekonomie wat deur eksogene faktore beperk is, in besonder die voortdurende gevoel van onsekerheid, sosio-politieke onrus en handels en finansiële sanksies wat teen Suid-Afrika ingestel is. Van 1985 tot 1986 het die reële bruto binnelandse produk onveranderd gebly, terwyl die reële bruto binnelandse besteding 'n toename van omrent 1 persent aangeteken het. Die totale reële binnelandse besteding het sedert die derde kwartaal van 1986 begin toeneem as gevolg van 'n verbetering in die reële private verbruiksbesteding, veral besteding aan duursame en semi-duursame goedere, en voorraad-investering. Huishoudings en sakeondernemings het nogtans voortgegaan om hul skuld te konsolideer ten einde verdere toevoegings tot hul skuldas te vermy. Dit is duidelik in die laer groei van bankkrediet weerspieël.

Die surplus produksiekapasiteit, die afwesigheid van hernieuwe inflasiedruk wat voortspruit uit oormatige monetêre vraag en die gesonder lopende rekening van die betalingsbalans het die owerhede aangespoor om die monetêre beleid in die loop van 1986 te verslap. Bankkoers is by vyf geleenthede verminder. Bykomende stimulerende fiskale maatreëls is in Junie 1986 en weer in Februarie 1987 ingestel.

'n Aantal gunstige ontwikkelings gedurende 1985 en in die vroeë stadium van die opwaartse beweging van die konjunktuurgolf het bygedra tot die verbeterde ekonomiese klimaat. Die skerp styging in die prys van goud en ander grondstowwe, en 'n groot toename in die fisiese omvang van die goedere-uitvoer in 1985 het onder ander tot 'n meer positiewe sakevooruitsig bygedra. Die sakeklimaat is in 1987 verder versterk toe die owerhede 'n nuwe skuldstilstandooreenkomis suksesvol met die buitelandse krediteurbanke onderhandel het en die goud- en ander buitelandse reserwes skerp begin toeneem het. Fiskale beleid het ook 'n sterk uitbreidende uitwerking op produksie in 1987 gehad deur middel van 'n toename in die besteding van die algemene owerheid, 'n groot styging in die loonrekening van die openbare sektor en slegs 'n beskeie toename in persoonlike direkte belastings.

Hierdie maatreëls het groei in die totale vraag aangemoedig en die vlak van produksie en werkverskaffing verhoog, maar dit het ongelukkig ook die inflasiesydigheid van die ekonomie versterk. Die diffusie-index toon dus dat ekonomiese bedrywigheid in 1987 verder verbeter het en in 1988 sterker en baie meer

³ In hierdie kort oorsig van ekonomiese ontwikkelings word slegs na die belangrikste ontwikkelings verwys, aangesien uitgebreide oorsigte van ekonomiese gebeure op kort termyn en besonderhede van beleidsoptrede gedurende die tydperk onder bespreking reeds in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslae en Kwartaalblaais* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorsien is, asook in toesprake wat die President van die Reserwebank by die Bank se jaarlikse algemene vergaderings van aandeelhouers en by konferensies gedurende die jare 1986 tot 1994 gelewer het.

verspreid geraak het. Die groei in die reële bruto binnelandse produk van die nie-primêre sektore van die ekonomie het van 2½ persent in 1987 tot 4½ persent in 1988 versnel. Die reële bruto binnelandse produk van die primêre sektor het in 1987 afgeneem, maar weer in 1988 herstel. Die produksie van die primêre sektor is in 1987 beïnvloed deur werkstopsettings in die goudmyne, en deur 'n droogte en oorstromings wat die landbouproduksie in die somerreënvalstreke verminder het.

Dwarsdeur die opwaartse fase van die konjunktuurgolf wat in 1986 begin het, was die Suid-Afrikaanse owerhede verplig om 'n vlak van ekonomiese groei te handhaaf wat verband gehou het met 'n oorskot op die lopende rekening om die terugbetalings van buitelandse skuld na te kom. Die toename in die bruto binnelandse besteding het in 1988 buitensporige afmetings aangeneem en gedreig om die oorskot op die lopende rekening in 'n tekort te verander. Die reële bruto binnelandse besteding het in 1988 met 6½ persent toegeneem wat skerp stygging van 12½ persent en 5½ persent in die reële bruto binnelandse vaste investering en reële private verbruiksbesteding weerspieël het. As gevolg van die oormatige besteding het die hoeveelheid van die invoer met ten minste 25 persent toegeneem. Hierdie toename in die besteding is moontlik gemaak deur die buiten-sporige styging in die geldvoorraad in die tweede helfte van 1988 van ten minste 27 persent teen 'n jaarkoers bereken. Daarbenewens het die uitvloeiing van buitelandse kapitaal die verwagte skuldterugbetaling oortref. 'n Verskuiwing van die handelsfinansiering van buiten- na binnelandse bronne het plaasgevind as gevolg van die toenemende rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en die belangrikste finansiële sentra van die wêreld, en 'n verwagte depresiasi van die rand.

Monetêre beleid is gedurende 1988 en vroeg in 1989 in verskeie stappe verskerp, ten einde die groei in die geldvoorraad en die totale besteding te verminder en die afwaartse druk op die wisselkoers en die buitelandse valuta reserwes te verlig. 'n Meer beperkende fiskale beleid is ook in Maart 1989 ingestel en in die tweede kwartaal is dit met verdere maatreëls aangevul.

Die ekonomie het op hierdie beleidsmaatreëls gereageer en die binnelandse vraag en produksie het vanaf die tweede kwartaal van 1989 óf meer gelyk verloop óf afgeneem. Die diffusie-indeks en ander ekonomiese aanwysers toon dat die ekonomiese bedrywigheid in die eerste paar maande van 1989 afgeplat het. Die sikliese komponente van die reële bruto binnelandse produk buite die landbou en van die reële bruto binnelandse besteding het onderskeidelik in die vierde kwartaal van 1988 en die eerste kwartaal van 1989 hoogtepunte aangedui. Die historiese diffusie-indeks het in Maart 1989 'n hoogtepunt bereik en die saamgestelde samevallende konjunktuuranaalwyser in April. Hierdie resultate dui daarop dat die opwaartse fase van die konjunktuurgolf in die eerste kwartaal van 1989 geëindig het, en Februarie 1989 is as die verwysingspiek aanvaar.

Afwaartse fase: Maart 1989 tot Mei 1993

Die verloop van die ekonomiese ontwikkelings gedurende die afwaartse fase wat in Maart 1989 begin het, is beïnvloed deur konjunkturele en strukturele kragte en ander eksogene faktore soos die binnelandse politieke oorgang, ernstige droogtes en 'n internasionale ekonomiese resessie. Dit is die langste afwaartse fase wat in die twintigste eeu aangeteken is. Van nader beskou, kan hierdie afwaartse beweging in twee sub-tydperke verdeel word.

In die eerste tydperk, naamlik van 1989 tot 1990, het die afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid nie wydverspreid voorgekom nie, maar is dit tot sekere sektore beperk. Aanvanklik het net die reële toegevoegde waarde van die sekondêre en die mynbousektore afgeneem, terwyl die reële produksie van die tersiêre en die landbousektore nog vinnig gegroeи het. Die binnelandse produksie is in 'n hoë mate deur die voortdurende sterke van die goedere-uitvoer onderskraag.⁴ Die reële private- en algemene-owerheidsverbruiksbesteding het positief gebly maar hul groeikoerse was matiger. Nadat die reële besteding aan kapitaaltoerusting en voorrade in 1989 ietwat stadiger toegeneem het, het dit in 1990 egter afgeneem in reaksie op die laer vlak van die benutting van die produksiekapasiteit in die ekonomie, die inwerkingstelling van rasionalisasieprogramme deur instellings van die openbare en private sektor, sporadiese binnelandse sosiale onrus en geweldpleging in verskeie dele van die land.

In teenstelling met vroeëre resessies toe die beleid pro-aktief toegepas is om die totale binnelandse vraag te stimuleer, het monetêre beleid beperkend gebly. Sedert 1989 is monetêre beleid daarop toegespits om die binnelandse en die buitelandse waarde van die rand te beskerm eerder as om die totale binnelandse vraag op kort termyn te stimuleer.

In die tweede subtydperk, van 1991 tot 1993, is die ekonomie gekenmerk deur 'n verdieping van die resessie en die wyer verspreiding van die afwaartse beweging. Die historiese diffusie-indeks toon trouens dat die ekonomiese bedrywigheid vanaf die einde van 1990 tot die middel van 1992 op 'n betreklik laevlak gebly het

⁴ Konjunkturbewegings in die nywerheidslande word gewoonlik op Suid-Afrika oorgedra. Tradisioneel het die konjunktuurgolf in Suid-Afrika met 'n tydsloering op konjunkturele verandering in die nywerheidslande gereageer. Die piek van die konjunktuurgolf in Suid-Afrika het, in teenstelling met hierdie historiese verwantskap, in Februarie 1989 die draipunte van die konjunktuurgolf in die meeste nywerheidslande vooruitgegaan. Die pieke van die konjunkturgolwe in die Verenigde State van Amerika, Verenigde Koninkryk, Wes-Duitsland, Frankryk, Italië en Japan het eers in 1990 en 1991 voorgekom. Die verhoogde vraag na Suid-Afrikaanse goedere as gevolg van die hoër konjunkturele vlak van bedrywigheid in hierdie lande gedurende die tydperk van 1989 tot 1991, het bygedra tot die buitengewoon sterk uitvoervertoning van Suid-Afrika gedurende daardie jare. Tenoor die verminderde binnelandse produksie en vraag het hierdie ontwikkeling in internasionale handel die afwaartse beweging gedurende sy vroeë stadia ietwat bestendiger laat verloop.

(sien grafiek 2).

Die reële bruto binnelandse besteding het vanaf die vierde kwartaal van 1990 skerper afgeneem toe die reële vaste investering aanhou daal het en die reële private verbruiksbesteding begin afneem het. Nadat die reële bruto binnelandse besteding in 1991 met 0,7 persent afgeneem het, het dit in 1992 verder met 1,5 persent gedaal. Die koers van afname in die totale reële bruto binnelandse produk het van 0,3 persent in 1990 tot 1,0 persent in 1991 en 2,2 persent in 1992 versnel wat onder andere die invloed van die droogte gedurende 1991-1992 weerspieël het.

Teen die einde van 1992 en vroeg in 1993 het die binnelandse onrus, geweld en onsekerhede oor die uitslag van die politieke onderhandelinge veroorsaak dat die beleggersvertroue erg verswak het. Die vooruitsig vir buitelandse handel was ook nie bemoedigend nie aangesien die meeste nywerheidslande nog resessie-toestande ondervind het.

Benewens die uitwerking van die konjunkturele afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid, het strukturele kragte soos die inwerkingsstelling van die rasionalisasieprogramme deur verskeie instellings tot 'n verlies aan werklike en potensiële produksie en 'n laer vlak van werkverskaffing gelei. Ten opsigte van die verlies aan werkgeleenthede was die resessie erger as enige van sy voorgangers. In die formele sektore van die ekonomie buite die landbou is bykans 410 000 werkgeleenthede vernietig.

'n Aantal positiewe ontwikkelings wat tot 'n verbetering in die ekonomiese toestande bygedra het, het vanaf die tweede helfte van 1992 sigbaar geword. Die landbouproduksie wat dwarsdeur 1992 betekenisvol gedaal het, het in die eerste helfte van 1993 skerp herstel. In ander sektore, soos die mynbou en fabrieks-wese, het die omvang van produksie ook begin toeneem. Groter finansiële bestendigheid is behaal en die groei van die belangrikste monetêre groothede en kredietverlening deur die monetêre instellings aan die private sektor is verminder. Daarbenewens het die inflasiekoers afwaarts beweg en die wisselkoers van die rand het bestendiger geraak.

Die uitgerekte resessie van meer as vier jaar het in die eerste helfte van 1993 uitgevlak en in die tweede helfte van die jaar het die ekonomiese bedrywigheid toege-neem. Dit word deur die saamgestelde konjunktuur en ander aanwysers aangetoon. Die leidende aanwyser het vanaf die begin van 1993 toegeneem en die same-vallende aanwyser het in April 1993 'n onderste draaipunt bereik. Die spesifieke draaipunte van verskeie produksie- en vraagaanwysers soos die reële bruto binnelandse produk en die hoeveelheid van die binne-landse handel, het in Maart en in die tweede kwartaal van 1993 voorgekom. Volgens die historiese sowel as die lopende diffusie-indekse is 'n onderste draaipunt in die konjunktuurgolf in Mei 1993 bereik. Op grond van hierdie waarnemings is Mei 1993 as die finale verwy-singsdatum van die trog in die konjunktuurgolf gekies.

Die afwaartse beweging van 1989 tot 1993 vergeleke met dié van vroeëre golwe

Die afwaartse beweging in die konjunktuurgolf gedurende 1989-1993 het in baie opsigte dieselfde kenmerke as vroeëre afwaartse fases in die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Daar is egter duidelike verskille van dit wat as 'n verteenwoordigende na-oorlogse afwaartse fase in die konjunktuurgolf beskryf kan word. Die jongste afwaartse beweging het betekenisvol van sy voorgangers verskil, veral wat betref die gemiddelde lengte en diepte van die resessies. In sommige kringe is dit beskou as die ernstigste resessie wat Suid-Afrika in hierdie eeu beleef het en deur sommige ontleders is dit selfs as 'n depressie eerder as 'n resessie bestempel.⁵

Die swakheid van die ekonomie gedurende die tagtigerjare het 'n kombinasie van faktore weerspieël wat met die verloop van tyd ontwikkel en gelei het tot die verwering van die produksiekapasiteit van die ekonomie oor die lang termyn, sowel as beleidsmaatreëls wat ingestel is op die verwydering van sekere van die struikelblokke⁶ in die weg van strukturele groei en eksogene kragte van 'n tydelike aard wat die binnelandse produksievlekke onderdruk het. Die sameloop van hierdie kragte het 'n besondere karakter aan die resessie van 1989-1993 verleen wat dit duidelik van die vroeëre resessies onderskei.

In die jare na die Tweede Wêreldoorlog het die felheid van die afwaartse fases in die ekonomiese bedrywigheid in die geïndustrialiseerde wêreld baie matiger geword as dié van die negentiende en vroeg-twintigste eeu. Ekonomiese uitbreiding het in 'n bykans oneindige proses verander en dit was slegs gedurende die sewentigerjare dat betreklik onbestendige ekonomiese toestande na die nywerheidslande teruggekeer het. Hierdie groter mate van ekonomiese bestendigheid in die na-oorlogse jare was hoofsaaklik die gevolg van wesenlike veranderings in die ekonomiese instellings en die uitoefening van die sogenaamde vraagbestuur of makro-ekonomiese stabilisasiebeleide.

In plaas van volslae afnames in die totale inkomse soos die geval was in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog, is die afwaartse fases in die ekonomiese bedrywigheid in die jare sedert die veertigers gekenmerk deur stadiger maar steeds positiewe ekonomiese groei. Hierdie afwaartse fases is wêreldwyd na verwys as resessies en nie depressies soos wat hulle in die vroeë jare van hierdie eeu genoem is nie. In die jongste jare het die voorkoms van krisisse soos die olieprysskok die wêreldekonomie

⁵ Depressies het voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, redelik algemeen in die nywerheidsekonomieë voorgekom. Ernstige ineenstortings in die ekonomiese bedrywigheid wat algemeen as depressies beskou word, is gedurende tydperke soos 1815-1822, 1873-1879 en 1929-1933 aangeteken.

⁶ Lombard, J.A. et al.: *The key issues in the Normative Economic Model*, Sentrale Ekonomiese Adviesdiens, Pretoria, Maart 1993.

Tabel 1. Verspreiding van die persentasieverandering in nywerheidsproduksie gedurende die Groot Depressie van die dertigerjare

Persentasieverandering van piek tot trog	Lande
-0,1 to -10	Griekeland, Japan Nieu-Seeland
-10,1 to -20	Denemarke, Roemenië, Swede, Verenigde Koninkryk
-20,1 to -30	Chili, Estland, Finland, Hongarye, Noorweë
-30,1 to -40	België, Frankryk, Italië
-40,1 to -50	Oostenryk, Nederland
-50,1 to -60	Kanada, Tsjeego-Slowakye, Duitsland
-60,1 to -70	Pole, Verenigde State van Amerika

Bron: Volkebond: *World's Production and Prices, 1935-36*, Genève, 1936.

struktureel beïnvloed maar skerp afnames in wêreldproduksie wat vergelykbaar is met dié van die jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het nie voorgekom nie.

Die Groot Depressie in die wêreld

Die depressie van 1929-1933 is in die meeste lande van die wêreld ondervind. Soos in tabel 1 aangedui word, het nywerheidsproduksie skerp gedaal. Die algehele felheid van die depressie was egter in die VSA, Kanada en sekere Europese lande baie ernstiger as byvoorbeeld in Japan en Nieu-Seeland.

Die aantal werklose mense, as 'n persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking, het feitlik in elke land skerp gestyg en die pieke in werkloosheid was hoër as dié wat vroeër aangeteken is. In die VSA en die Verenigde Koninkryk het die werkloosheidskoers byvoorbeeld tot onderskeidelik 24 en 23 persent in 1932 gestyg.

Die inkrimping in die Amerikaanse, Britse en Duitse ekonomieë is op die ander lande oorgedra deur middel van die meganisme van die goudstandaard. Hierdie lande het hul invoer verminder namate die binnelandse vraag afgeneem het. Hulle het ook hul kapitaaluitvoer verminder of hul kapitaalinvoer verhoog in reaksie op die beperkende krediettoestande. Aangesien die minder ontwikkelde lande lae vlakke van buitelandse reserwes gehad het en nie in staat was om leningskapitaal te verkry nie, was hulle verplig om primêre grondstowwe te verkoop teen watter prys die mark ook al sou bied.⁷ Pryse en inkomse is dus verlaag.

Die Groot Depressie in Suid-Afrika

Betroubare gegewens vir Suid-Afrika vir die dertigerjare is baie beperk, maar in tabel 2 toon 'n uitgesoekte aantal beskikbare ekonomiese aanwysers dat produksie, werkverskaffing en sommige ander bedrywigheede gedurende die konjunkturele afwaartse beweging skerp gedaal het. 'n Vergelyking van uitgesoekte aanwysers in Suid-Afrika en die VSA toon dat die afname in die ekonomiese bedrywigheid baie ernstiger in die VSA as in Suid-Afrika was.

Hoewel verskeie kenmerke van die Groot Depressie in die VSA op daardie tydstip ook in Suid-Afrika waargeneem is, het die besondere stadium van ontwikkeling en die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie dit minder ontvanklik gemaak vir die internasionale depressie. Die goudproduksie het byvoorbeeld dwarsdeur die depressiejare toegeneem en tot groter bestendigheid in die ekonomie bygedra. Ondanks die ontginning van 'n laer graad van erts, het die goudproduksie van 10,3 miljoen fyn onse in 1929 tot 11 miljoen fyn onse in 1933 toegeneem en die werkverskaffing in die goudmyne het oor hierdie tyelperk met meer as 40 000 werkers tot 270 000 in 1933 vermeerder.

Die Groot Depressie en die konjunkturele afwaartse beweging van 1989-1993 in die Suid-Afrikaanse ekonomie

In 'n vergelyking van die Groot Depressie van die dertigerjare met die afwaartse beweging van 1989-1993 is dit noodsaaklik om die veranderings wat in die produksiestructuur oor die afgelope sestig jaar plaasgevind het, raak te sien. Die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika wat in die dertigerjare hoofsaaklik op primêre produksie gerig was, is in 'n meer geindustrialiseerde en diensgeoriënteerde ekonomie verander. Landbou en mynbou het in die dertigerjare omtrent een derde van die totale produksie bygedra vergeleke met 'n jaarlikse gemiddelde van ongeveer 18 persent sedert die tweede helfte van die tagtigerjare. Aan die ander kant het fabrieksproduksie in die dertigerjare slegs 9 persent van

Tabel 2. 'n Vergelyking van ekonomiese aanwysers gedurende die Groot Depressie van die dertigerjare

	VSA	SA
BNP/BBP teen heersende pryse.....	-46	-22
Werkverskaffing:		
Fabrieksweise	-38	
Fabrieksweise, mynbou en vervoer		-13
Konstruksiekontrakte:		
Woongeboue	-87	
Totale geboue	-78	-57
Nywerheidsaandelepryse	-79	-39

⁷ Kindleberger, C.P.: *The World in Depression, 1929-1939*, University of California Press, Berkeley, 1973, p.144.

die totale produksie verteenwoordig teenoor 24 persent in die tydperk 1985 tot 1993. Aangesien die primêre sektor onderhewig is aan verskeie eksogene invloede soos wisselvallige klimaatstoestande en fluktuerende grondstofpryse op die internasionale markte, is die konjunkturele ontwikkelings gedurende die twintiger- en dertigerjare baie sterker deur eksterne skokke beïnvloed as die meer onlangse konjunktuurbewegings. Die meer gediversifieerde produksiestruktuur in die jongste jare tesame met die tegnologiese vooruitgang, het veroorsaak dat fluktuaties in die ekonomiese bedrywigheid meer verspreid voorkom.


As gevolg van die omvang en betreklike oopheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie, word dit nog sterk beïnvloed deur veranderings in die internasionale handel en dus deur die konjunkturele veranderings in die handelsvennootlande. Die samestelling van Suid-Afrika se internasionale handel het egter tussen die Groot Depressie en die jongste afwaartse fase betekenisvol verander, wat 'n invloed op die tydsverwantskap en die omvang van die uitwerking van die internasionale konjunktuurgolf op die binnelandse konjunktuurgolf kon gehad het.

Teen die agtergrond van hierdie fundamentele veranderings in die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika oor die afgelope sestig jaar, kan die jongste afwaartse beweging van 1989-1993 met die Groot Depressie van 1929-1933 vergelyk word. Vanweë die gebrek aan nasionale rekeninge en ander vergelykbare korttermyngegewens vir die dertigerjare, sal die vergelykbare ontleding meer van 'n beskrywende aard as 'n grondige statistiese ondersoek wees. Die vergelykings moes beperk word tot 'n klein aantal tydreekse waarvoor die waarnemings vir die Groot Depressie en die resessie van 1989-1993 beskikbaar was. Die volgende grafieke toon die geakkumuleerde persentasieverandering in die waarnemings van die betrokke tydreekse vanaf hul waarde in die piekjare van die konjunktuurgolf van 1929 en 1989 vir die duur van die afwaartse fase aan.

Soos in grafiek 4 aangetoon is, het die bruto binnelandse produk teen heersende prys gedurende die tydperk 1989-1993 toegeneem vergeleke met 'n afwaartse beweging gedurende die tydperk 1929-1932. Hierdie verskil weerspieël grootliks die verskille in die prysbewegings tussen die twee tydperke. Die groothandelspryse het gedurende die Groot Depressie skerp gedaal, terwyl die vlak van die produksiepryse gedurende die 1989-1993 fase aanhou styg het. Deur die groothandelsprysindeks as deflator vir die bruto binnelandse produk teen heersende prys gedurende 1929-1932 te gebruik en hierdie reële waarde met die reële bruto binnelandse produk gedurende die afwaartse fase in 1989-1993 te vergelyk, wil dit voorkom asof die afname in die reële produksie trouens omtrent dieselfde was, dit het naamlik teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van $\frac{1}{2}$ persent gedurende albei die tydperke gedaal.


Gedurende die eerste drie jaar van die afwaartse fase van die konjunktuurgolf was die daling in werkverskaffing

Grafiek 4: 'n Vergelyking van totale produksie en prys in die afwaartse fase van die konjunktuurgolf




in die fabriekswese, mynbou en vervoer baie ernstiger gedurende die Groot Depressie as in 1989-1993. Vanweë die felheid en die duur van die 1989-1993 afwaartse beweging, het die aantal werkers in die vierde jaar van die resessie verder verminder tot 'nvlak wat min

Grafiek 5: 'n Vergelyking van werkverskaffing in die afwaartse fase van die konjunktuurgolf



Grafiek 6: 'n Vergelyking van uitgesoekte ekonomiese aanwysers in die konjunktuurgolf



of meer vergelykbaar is met die verandering wat in die depressie in die dertigerjare plaasgevind het.

Die konjunkturele vergelykings van uitgesoekte aanwysers wat verband hou met die reële vraag en produksie toon in grafiek 6 dat groot afnames in hierdie groothede gedurende die Groot Depressie aangeteken is. Die betreklik matige afnames of effense groei van hierdie aanwysers gedurende die afwaartse beweging van 1989-1993 bevestig dat hierdie afwaartse beweging

nie so diep was nie en dus minder ernstige gevolge as die Groot Depressie gehad het.

Die konjunkturele afswaai van 1989-1993 en ander afwaartse fases sedert 1960

Vergeleke met ander afwaartse fases van die konjunktuurgolf in die nywerheidslande en in Suid-Afrika sedert 1960, was die Suid-Afrikaanse resessie van 1989-1993 besonder lank, naamlik 51 maande teenoor 'n

gemiddelde van 19 maande in Suid-Afrika (1960-1986) en 20 maande in die nywerheidslande. Soos voorheen aangedui is, het verskeie faktore tot die langdurigheid van die afwaartse fase en die onderprestering van die ekonomie bygedra.

Soos in grafiek 7 getoon word, het die reële bruto binnelandse produk buite die landbou in 1989-1993 skerp gedaal en aansienlik onder sy jongste piekwaarde gebly. Die gemiddelde jaarlikse koers van afname het van die piek van die konjunktuurgolf in die eerste kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1993 0,4 persent beloop. Dit vergelyk swak met die laer maar tog positiewe groeikoorse wat gedurende die resessiefases van die tydperk 1960 tot 1980 aangeteken is.

Nieteenstaande die lang duur van die 1989-1993 fase, was die daling in die reële produksie nie so skerp as gedurende die 1981-1983 en 1984-1986 resessies nie. In die 1981-1983 resessie het die reële bruto binnelandse produk buite die landbou teen 'n jaarkoers van 2,3 persent afgeneem en in die 1984-1986 resessie teen 'n jaarkoers van 2,7 persent. Wat die daling in die afwaartse fase van 1989-1993 egter baie ernstig gemaak het was die feit dat dit na 'n tydperk van swak langtermyngroei in die ekonomie plaasgevind het. Dit het dus op 'n betreklik laevlak begin en 'n ernstige uitwerking op werkverskaffing in Suid-Afrika gehad.

Gedurende die beginstadium van die afwaartse beweging van 1989-1993 het werkverskaffing in die sektore buite die landbou betreklik konstant gebly vergeleke met die stygende werkverskaffing in die


afwaartse fases van die sewentiger- en vroeë tagtigerjare. Ses kwartale na die piek van die konjunktuurgolf in 1989 het die arbeidsituasie in so 'n mate agteruitgegaan dat die verlies aan werkgeleenthede erger geraak het as gedurende vorige resessies. Arbeidsvermindering is voortgesit in reaksie op konjunkturele sowel as strukturele veranderings in die arbeidsmark en meer as 400 000 werkgeleenthede is gedurende hierdie fase in die formele sektore van die ekonomie verloor.

Opsomming en slotopmerkings


'n Oorsig van die opeenvolgende opwaartse en afwaartse fases van die konjunktuurgolf in die Suid-Afrikaanse ekonomie bevestig dat die herhalende konjunktuurgolwe baie in gemeen het, maar dat elke golf ook sy unieke kenmerke het. Oor die algemeen is die veranderings in die verskeie ekonomiese prosesse en bedrywighede gedurende die konjunktuurgolf van 1986-1993 in baie opsigte soortgelyk aan dié van vorige golwe in Suid-Afrika. Die jongste afwaartse fase gedurende die tydperk 1989-1993 verskil egter betekenisvol van sy voorgangers deurdat dit voorgekom het rondom 'n groeineiging wat baie platter was as die groeineiging tydens vroeëre resessies. Die stadiger groeineiging in die jongste jare het slegs deels verband gehou met die gebrek aan makro-ekonomiese ewewig in die ekonomie. Net so belangrik was die uitwerking van sosio-politieke veranderings op die ekonomie.

'n Vergelyking van die jongste afwaartse beweging

Grafiek 7: Verandering in reële bruto binnelandse produk buite die landbou gedurende die resessiefases van die konjunktuurgolf



Grafiek 8: Verandering in werkverskaffing in die nie-landbousektore gedurende die resessiefases van die konjunktuurgolf



met die Groot Depressie van die dertigerjare het aan die lig gebring dat sekere ontwikkelings gedurende die Depressie nie in 1989-1993 herhaal is nie. Uitermatige spekulasie en paniek het nie voorgekom nie, en geld is ook nie op so 'n groot skaal vernietig as gedurende die Depressie nie. Ondanks die uitgerekte aard van die afwaartse beweging van 1989-1993, was dit nie so ernstig as die Groot Depressie van die dertigerjare nie.

Die mees unieke kenmerk van die resessie van 1989-1993 was miskien dat dit in 'n omgewing van taamlik buitengewone sosiale en politieke verandering in Suid-Afrika voorgekom het. Die onsekerhede wat deur die politieke veranderings gedurende hierdie tydperk geskep is, het verhoed dat die land weer sy vorige groei-momentum kon bereik en het 'n herstel vertraag. Die statistiese inligting oor die resessie van 1989-1993 weerspieël nie soseer 'n ekonomiese in 'n depressie nie, maar gee 'n uitbeelding 'n ekonomiese wat 'n stryd voer om die oorhand te kry oor die newe-effekte van die politieke oorgang en sekere strukturele swakhede wat verhoed dat dit na 'n vinniger groeipad terugbeweeg.